



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

**REKTOR SE BESTUURSVERSLAG
AAN DIE RAAD**

Dinsdag, 13 April 2021

Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

Inhoud

INLEIDING.....	4
TEMA 1: 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH	5
1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)	6
1.2 COVID-19-verwante kommunikasie.....	9
1.3 Hersiening van die US se Taalbeleid	9
1.4 Institusionele Beplanningsforum	10
1.5 Transformasieverlag.....	10
1.6 Visualisering van ranglyksdata.....	10
1.7 Personeelbyeenkomste.....	11
1.8 Projek vir 'n nuwe US-handelsmerk.....	11
1.9 Stelselvernuwing (SUNFin en SUNStudent)	12
1.10 Inetkey uitgefaseer danksy nuwe netskans	14
1.11 US in die nuus (27 Okt 2020 –8 Mrt 2021).....	14
1.12 Grade- en toewydingsplegtighede 2020.....	16
1.13 Korporatiewe kommunikasie	17
1.14 Kampusvernuwing.....	18
1.15 Koolstofbelasting	20
1.16 Vordering met WiFi-netwerk	21
1.17 LaunchLab begin 2021 op 'n drafstap	21
1.18 Registrateursafdeling in verantwoordelikhedsentrum omskep	22
1.19 Strukturele verbeteringe in verantwoordelikhedsentrum van Registrateur	22
1.20 Die strewe na beste praktyk in institusionele oorsigbestuur	23
1.21 Ombudbewusmakingsveldtog	23
1.22 2020, die Jaar vir Persone met Gestremdhede.....	24
TEMA 2: 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING	25
2.1 Verwelkomingsprogram.....	25
2.2 Impak van COVID-19 op studente met gestremdhede.....	25
2.3 Studenteterugvoer oor ERTLA	26
2.4 Assesserings	26
2.5 Registrasie 2021	27
2.6 Webtuiste oor registrasie en studiegeld.....	27
2.7 Inskrywings.....	27
2.8 SciMathUS 20 jaar oud.....	28
2.9 Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP)	28
2.10 Eenheid vir Gelykwaardigheid	29
2.11 Geestesgesondheid van US-studente	29
2.12 Voedselsekerheid.....	30
2.13 Kursus oor buitelandse studie	30
2.14 TübingenSA-uitruilprogram	30
2.15 ReadTheory	30
2.16 Eerste aanlyn Intensive English-plasingstoets	30
2.17 Studentekeuring in FGGW	31
2.18 FVZSI word tien	31
2.19 Alumnusprestasie.....	31
2.20 Studente-atleet vir Kobras gekies	31
2.21 Studente-atlete hoop om Olimpiese drome te bewaarheid.....	32
2.22 Loopbaanadvies vir voornemende studente	32
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE	32
3.1 Telematiese Skole-projek.....	32

3.2	ANIME-netwerk.....	32
3.3	Africa-vennootskappe en -netwerke	33
3.4	Internasionale Netwerk van Universiteite	33
3.5	Akademiese konsortium van 21 (AC21).....	34
3.6	Suid-AfrikaSwede-universiteitsforum	34
3.7	Sosiaalwetenskaplike universiteitsnetwerk	34
3.8	Internasionale universiteitsdorpnetwerk	35
3.9	US Woordfees	35
3.10	Gesondheidsvennootskappe.....	35
3.11	Hoëronderwyssektor werk saam aan provinsiale herstel van COVID-19	36
3.12	Ubuntu-dialoë	36
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER.....		36
4.1	Projek vir uitgebreide leerruimtes	37
4.2	Projek vir hibriediese leer	38
4.3	US-onderriggenootskappe vir 2021–2023	38
4.4	US reik elektroniese kortkursusertifikate uit.....	38
4.5	Kritiese denke oor ERTLA	39
4.6	Kortkursus oor die Akademieskap van Onderwysleierskap.....	39
4.7	Nuwe programme	39
4.8	TAU-genootskappe vir 2021/22	39
4.9	FINLO	39
4.10	Kortkursus oor assessering met COVID-19 as agtergrond	40
4.11	Podsendings vir leer en onderrig	40
4.12	Aanlyn taalsteun vir ERTLA	40
4.13	Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici	40
4.14	Leer-en-Onderrigverrykingseminaar.....	40
4.15	Ervaringgerigte opvoeding kry hupstoot by SUEEC	41
4.16	Africa Centre for Scholarship	41
4.17	Senaat keur beperkte afwyking van taalimplemteringsplanne goed	41
TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK		42
5.1	Wyd aangehaalde navorsers.....	42
5.2	WEF erken SharkSafe	42
5.3	Studie oor sportharsingskudding	42
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER.....		43
6.1	US se Gesondheid- en Welstandsplan goedgekeur	43
6.2	Dagsorg	43
6.3	Internasionaliseringsprogram vir steunpersoneel	43
6.4	Personeelprestasies	43
6.5	Voorste 20 nadoktorale genote vereer.....	44
6.6	Program vir toekomstige professore	44
6.7	Hernuwing van SARChI-leerstoele	45
6.8	NNS-gegradeerde navorsers	45
SLOT		45
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE		46
	Meningsartikels (27 Okt 2020 tot 22 Feb 2021).....	46
	Rubrieke (27 Okt 2020 tot 22 Feb 2021).....	52
MEDEWERKERS.....		55

INLEIDING

Welkom by die **eerste Raadsvergadering** van 2021, die tweede jaar van COVID-19. Hierdie een kort sin vang die massiewe uitdaging vas waarvoor ons tans staan – nie net as ’n universiteit en as ’n hoëronderwyssektor nie, maar as ’n nasie, ’n vasteland en ’n wêreld, almal nog aan die steier onder die impak van die **koronaviruspandemie** langer as ’n jaar nadat dit begin het.

Dis is duidelik dat die Universiteit Stellenbosch (US) nie die verwoesting, pyn en verlies verbonde aan die virus gespaar is nie. Kom ons eer die nagedagtenis van almal wat sedert ons vorige vergadering in Desember hul lewens aan COVID-19 afgestaan het. Mag hulle in vrede rus, en mag hulle familie, vriende en kollegas die krag ontvang om aan te gaan.

Namate ons die tweede jaar van COVID-19 dieper betree, konsentreer ons nie meer uitsluitlik daarop om die pandemie so goed moontlik te bestry nie. Ons wil ook **verder as dit beweeg** en vasberade voortstreef na ons visie om “Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit” te word “wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder”.

Vir dié doel benut ons die **geleenthede** wat die pandemie geskep het. Dink aan aspekte soos die verskuiwing na hibriediese leer, en hoe ons nou in sekere opsigte die soort werksomgewing betree het wat net enkele jaar gelede nog as die “toekomstige” wêreld van werk beskryf is. Die toekoms het aangebreek, en ons steek ons kleim daarop af.

Ons **akademiese jaar 2021** het amptelik begin met die aanvang van voorgraadse klasse op **15 Maart**, en **die Universiteit en die dorp** het saamgespan om alle studente en personeellede op kampus te verwelkom. Die Studenteraadsvoorsitter, Stellenbosse burgemeester en die uitvoerende hoof van die Stellenbosse toerismeburo, Visit Stellenbosch, het in ikoniese Victoriastraat by my aangesluit om ’n foto te neem, wat ons saam met ’n verwelkomingsboodskap uitgestuur het. Kortom het ons gesê dat as almal hulle deel doen, ons die US én die res van die dorp veilig sal kan ophou en optimaal sal kan laat funksioneer, tot almal se voordeel.

As ’n wêreldklasuniversiteit, is ons **opgewonde om met die akademiese projek te kan voortgaan** op ’n manier wat uitbrei op wat ons verlede jaar vermag het. Moenie my verkeerd verstaan nie: Ons het in 2020 onder moeilike omstandighede uitstekend gevaar. Ons het blitsig na aanlyn leer oorgeslaan toe kontakonderrig landwyd opgeskort is, en het uiteindelik ’n uitmuntende 8 979 kwalifikasies in die kalenderjaar toegeken – ’n syfer wat met vorige jare strook.

Nietemin wil ons vanjaar **méer bied as nood**afstandsonderrig, -leer en -assessment. Ons wil dit **aanvul** deur so ver moontlik terug te keer na interaksie **van aangesig tot aangesig** om ’n optimale leerervaring te voorsien.

Ja, ons is terug op kampus, want ingevolge die huidige **vlak 1-inperking** mag hoëronderwysinstellings hulle kampusaktiwiteite hervat. Nietemin is daar ook ’n meer fundamentele rede waarom ons terug is. In hulle boek *The Innovative University* sê die hoëronderwyskundiges Clayton Christensen en Henry Eyring ’n “universiteit se professore en fisiese ontmoetingsplekke is uniek en waarskynlik van onskatbare waarde”. So, as ’n residensiële universiteit, wil ons die **merkwaardige “mense” en “plek”** van die US so goed moontlik benut. Natuurlik is ons egter midde-in ’n pandemie, en daarom is die getal persone per lesinglokaal steeds beperk. Ons oplossing is om kontaksessies **regstreeks oor die internet uit te saai**. Studente sal tussen fisiese sessiebywoning en aanlyn deelname roteer. Ons is besig om gevorderde tegnologie in bykans 200 lokale te installeer sodat diegene wat van elders vir ’n klas inskakel nie net die verrigtinge sal kan volg nie, maar ook sal kan deelneem. Intussen sal ons MS Teams gebruik.

So, waar sal “elders” wees? In die meeste gevalle, **op kampus en in koshuise**. Ons studente het toegang tot vinnige, gratis internettoegang deur middel van WiFi en netwerkpunte in koshuise,

rekenaargebruikerareas en biblioteke oral op kampus. Diegene wat nie in die klas is nie, sal dus aanlyn kan aansluit.

Lesings wat ons op dié manier uitsaai, sal terselfdertyd **opgeneem** word sodat studente in enige latere stadium weer daarna kan kyk. Die beskikbaarstelling van aanlyn video's en podsendinge was een van die faktore wat verlede jaar tot ons studentesukses bygedra het.

Wat van **COVID-19-veiligheid**? Ons het die nodige maatreëls en protokolle ingestel, en vereis streng nakoming. Ons Kampusgesondheidsdiens, in samewerking met plaaslike en provinsiale gesondheidsowerhede en hospitale, is gereed om na ons personeellede en studente se welstand om te sien. Maar uiteindelik moet ons elkeen vir ons eie optrede verantwoordelikheid aanvaar. Daarom is ons boodskap oor voorkoming deurgaans dieselfde: Dra 'n masker, handhaaf 'n veilige afstand van ander, en gebruik handreiniger en ontsmet oppervlakke. Almal wat ons kampusse betree, moet hulleself ook vir simptome monitor met behulp van Higher Health se HealthCheck-toepassing, wat by <https://healthcheck.higherhealth.ac.za> te kry is.

Wat die res van die jaar betref, bly ons oorhoofse doelwitte dieselfde as verlede jaar: om sukses te behaal met die **akademiese projek**, en om **volhoubaar** te bly as 'n toonaangewende hoërsonderwysinstelling, terwyl ons die **gesondheid, veiligheid en welstand** van ons studente en personeellede prioritiseer.

Nietemin is COVID-19 nie ons enigste uitdaging nie. In Maart het kwessies oor die **Taalbeleid** by die US en oor **NSFAS**-finansiering op nasionale vlak kop uitgesteek. Ons het hierdie uitdagings onverwyld getakel – [klik hier](#) vir ons verklaring oor taal, [hier](#) vir 'n skrywe oor studentefinansiering en -registrasie, en [hier](#) vir een oor beurse om studente met uitstaande skuld in staat te stel om te registreer – en sal voortgaan om dit te hanteer namate sake ontvou. 'n Voorbeeld hiervan is #Action4Inclusion, 'n US-studentebefondsingsinisiatief wat daarop gemik is om akademiese insluiting te verseker deur uitstaande studiegeld vir studente in nood te vereffen. Ek is oortuig dat ons sukses sal behaal indien ons almal saamwerk.

Laastens lê ek graag **my prioriteite vir 2021** aan die Raad voor, soos ek dit ook in Februarie by ons Institusionele Beplanningsforum (IBF) uiteengesit het. Ek wil hê ons moet (i) voortgaan om 'n navorsingsintensiewe universiteit te bou; (ii) hibriede leer verder uitbou; (iii) digitalisering uitbrei; (iv) ons prosesse, stelsels en beleide verder verbeter; (v) op ons mense, d.w.s. personeellede en studente, konsentreer; (vi) na internasionalisering streef; (vii) ons fondswerwingsmomentum behou; en (viii) nuut dink oor kampusvernuwing in die lig van die nuwe wêreld van werk en leer wat COVID-19 meegebring het.

Soos gewoonlik kry 'n lid van die Rektoraat weer geleentheid om aan die Raad verslag te doen oor bedrywighede in sy of haar VS die afgelope jaar. Hierdie keer is die **Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie** aan die beurt. Daarom bevat hierdie oorsigtelike bestuursverslag slegs enkele hoogtepunte uit **prof Eugene Cloete** se **portefeulje**. Raadpleeg gerus sy afsonderlike verslag vir meer besonderhede.

Hierdie verslag handel oor die tydperk **11 November 2020 tot 5 Maart 2021**, tensy daar anders aangedui word. Ek en my medebestuurslede verwelkom die geleentheid om met ons kollegas in die **Raad** in gesprek te tree.

TEMA 1: 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) (klik op skakel vir volledige dokument) lui soos volg oor hierdie kern strategiese tema: "Om die US 'n **florerende organisasie** te maak, beoog ons 'n **lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare** universiteit (met 'florerend' wat omskryf word as 'om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy').

Die US erken die groot uitdagings verbode daaraan om 'n florerende universiteit te word. Ons beseft dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak”

1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)

Die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) onder leiding van prof Stan du Plessis, Bedryfshoof, hou steeds toesig oor en snoer bydraes van sy substrukture, wat uit sewe werkstrome en 'n Mediese Advieskomitee bestaan, saam. Oorsigtelike verslae oor hul werksaamhede in die verslagtydperk (**11 November 2020 tot 5 Maart 2021**) volg hieronder.

Werkstroom 1: Studentedienste

Voorsitter: Dr Ronel Retief

Die werkstroom vir studentedienste (WSD) het teen die einde van 2020 gekonsentreer op die beplanning van die hibriediese Desember-gradeplegtighede, soos die IKBV dit goedgekeur het. Twaalf klein kontakplegtighede is van 14 tot 16 Desember vir die ontvangers van eredoktorsgrade, PhD-kandidate van sowel Maart/April as Desember 2020 en die ontvangers van Kanselierstoekennings aangebied. Hierdie plegtighede het alle regulasies oor sosiale distansiëring en lokaalkapasiteit streng nagekom. Alle ander kwalifikasies is deur middel van fakulteitspesifieke aanlyn gradeplegtighede toegeken, met boodskappe van die Kanselier, die Visekanselier en die betrokke dekaan.

Die WSD het ook voorstelle met betrekking tot die A4-assesserings, wat in Januarie/Februarie 2021 afgelê is, oorweeg. Dit het verband gehou met logistiek en die administratiewe proses om kwalifiserende studente te identifiseer, lokale toe te ken, persoonlike A4-roosters te voorsien en punte op die studente-inligtingstelsel vas te lê.

Laastens worstel die WSD met verskillende scenario's vir studente se terugkeer kampus toe sedert die aankondiging van inperkingsvlak 1 in 2020, die daaropvolgende herinstelling van vlak 3 te midde van die tweede vlaag infeksies, en die daaropvolgende terugkeer na vlak 1.

Werkstroom 2: Leer en onderrig

Voorsitter: Prof Deresh Ramjugernath

Die werkstroom vir leer en onderrig (WLO) konsentreer op die voortsetting en aanpassing van leer en onderrig te midde van die COVID-19-pandemie, sowel as studentesorg.

Kwessies wat die WLO in die verslagtydperk hanteer het:

- Finalejaarstudente in sekere programme/fakulteite het in November/Desember 2020 tradisionele eksamens onder toesig op kampus afgelê om aan die vereistes vir praktiese werk of die reëls van beroepspliggame te voldoen.
- A4-kontakassesserings is in Januarie en Februarie 2021 in US-lokale afgelê. Nietemin het sommige fakulteite aangedui dat kontakassesserings onder toesig nié noodsaaklik was vir assesseringsintegriteit in sekere modules nie. Hierdie reëling was egter slegs op 'n klein getal modules van toepassing en is as die uitsondering beskou.
- Die visedekane vir leer en onderrig het teen die einde van 2020 hulle steun toegesê aan 'n hibriediese leer-en-onderrigmodel met die oog op die akademiese jaar 2021. Die aankondiging van 'n aangepaste inperkingsvlak 3 het egter meegebring dat die model (ERTLA aangevul met kontakklastyd) heroorweeg moes word.
- Studente wat A4-assesserings voltooi het, studente op Tygerbergkampus sowel as nagraadse studente het databondels vir aanlyn toegang in 2021 ontvang. Diegene wat skootrekenaars nodig gehad het, is aangemoedig om aansoek te doen by student@sun.ac.za.

- 'n Aanlyn inskakelingsprogram vir alle eerstejaars is in samewerking met fakulteite en die US se Verwelkomingsprogramkomitee ontwikkel.

Werkstroom 3: Personeel (menslike hulpbronne, gesondheid en welstand)

Voorsitter: Prof Nico Koopman

Die werkstroom vir personeel (WS) het voortgegaan met advies oor personeelaangeleenthede teen die agtergrond van COVID-19, en binne die raamwerk van die Universiteit se waardes van uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en billikheid.

Nuwe lesse en insigte: Die WP se besinning oor die ongekende uitdagings van COVID-19 en gevolglike heroerweging van die US se werkswyses het vele insigte opgelewer, wat saamgevat is in 'n dokument met "lesse geleer". Die dokument, wat in November 2020 aan die IKBV voorgelê is, handel oor gesamentlike intellektuele pogings, leierskap, die US se werk en bedrywighede, kommunikasie, welstand en transformasie.

Die US se nuwe Werknemerbystandsprogram (WBP): 'n Nuwe, ekstern bestuurde aanlyn program vir personeelgesondheid en -welstand is in werking gestel om die US se huidige WBP-aanbod te versterk. Die program, wat deur Life EHS – Careways aangebied word, het in November 'n aanvang geneem, en is 24 uur per dag, sewe dae 'n week beskikbaar. Die diens bied persoonlike en aanlyn voorligting oor 'n aantal kwessies, van persoonlike probleme, alkohol- en middelmisbruik, en dobbel- of ander verslawings, tot stres, geweld en trauma, die impak van siekte, skuldberading, gesondheidsadvies en telefoniese bystand met die opstel van basiese regsdokumente.

Ruskans vir personeel: Lynbestuurders is aangeraai om in Januarie en Februarie vrye tyd vir personeellede te fasiliteer ná 'n uitdagende akademiese jaar 2020, wat boonop buitengewoon laat geëindig het. Omgewings is ook aangemoedig om blokke stil tyd te bepaal wanneer personeel in die loop van 2021 kan verlof neem.

Hervatting van aktiwiteite in 2021: Die werkstroom het 'n dokument oor belangrike personeelwelstandskwessies vir die IKBV se oorweging opgestel. Die dokument het klem gelê op die behoefte aan 'n gekoördineerde institusionele benadering tot 2021, wat na verwagting verdere uitdagings en onsekerheid sal inhou.

Werkstroom 4: Kommunikasie, sosiale impak en eksterne verhoudinge

Voorsitter: Prof Hester Klopper

Gesprekke in die werkstroom vir kommunikasie, sosiale impak en eksterne verhoudinge (WKSIEV) het ondermeer gefokus op aanbevelings oor internasionale reis sowel as die reëlins vir twee geleenthede – 'n dinee vir ontvangers van eredoktorsgrade, en 'n geleentheid vir die ontvangers van die Kanselierstoekenings en -medalje.

Die WKSIEV het boonop die institusionele kommunikasierooster bygewerk, wat alle COVID-19-verwante kommunikasie via die Universiteit se verskillende kommunikasiekanale uiteensit en moniteer. Kommunikasie oor die nuwe "Suid-Afrikaanse" variant van die virus is vir die US se internasionale vennote en studente opgestel, met 'n spesifieke klem op die inentingsproses, die Universiteit se nakoming van alle COVID-19-protokolle, en die onderrig-en-leerbenadering wat in dié tyd gevolg word.

Daarbenewens het die werkstroom 'n kampusbewusmakingsveldtog deur Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking gefasiliteer. Die veldtog het die belang van maskers, handontsmetting en sosiale distansiëring beklemtoon en plakkate vir gebruik op kampus en in koshuise ingesluit.

Werkstroom 5: Kampusbedrywighede

Voorsitter: Me Nicolette van den Eijkel

Ter voorbereiding vir studente se terugkeer na die kampus vir die nuwe akademiese jaar het die werkstroom vir kampusbedrywighede sy aan sy met die Sentrum vir Studentegemeenskappe, SUNKOM en die verskillende fakulteite gewerk. Hoofsaak was om alle omgewings op studente se terugkeer voor te berei en nakoming van alle tersaaklike COVID-19-protokolle te verseker.

Sake wat in die verslagtydperk hanteer is, het die volgende ingesluit:

- Alle koshuise moes wéér “deurstaprisikobeoordelings” onderneem en die nuwe, vollediger terug-koshuis-toe-plan voltooi.
- Die Sentrum vir Studentegemeenskappe en koshuishoofde moes isolasie- en kwarantynareas in hulle onderskeie omgewings identifiseer en na ’n oplossing soek om kombuise en eetsale vir studente te open sonder om die COVID-19-beperkings op lokaalkapasiteit te oortree.
- SUNKOM is gevra om met die Sentrum vir Studentegemeenskappe te koördineer ten opsigte van meer gereelde skoonmaakdienste en die ontsmetting van hoëgebruikareas in die koshuisongewing.
- Die werkstroom het ook ’n riglyndokument met 22 items opgestel wat fakulteite kon gebruik om gereed te wees vir studente se terugkeer na leerruimtes en lesingsale.

Van die belangrike items in die riglyndokument sluit in:

- die afbakening van sitplekke om fisiese distansiëring van 1,5 m te verseker;
- instandhoudingsprosedures vir lugversorgingstelsels om aan veiligheidsprotokolle te voldoen, en riglyne vir ventilasie in lokale sonder lugversorgers;
- ontsmetmiddel, bewusmakingsplakkate en toegangsprotokolle by die onderskeie geboue;
- meer gereelde ontsmetting van hoëgebruikareas en -items soos toiletdeurhandvatsels, krane, wasbakke, ensovoorts; en
- boodskappe om studente en personeel daaraan te herinner om ’n daaglikse gesondheidskontrole deur middel van die Higher Health-siftingsinstrument te voltooi voordat hulle die kampus betree (slegs via die webadres <https://healthcheck.higherhealth.ac.za>; nie meer die SMS- of WhatsApp-weergawes nie).

Werkstroom 6: Finansies en regsangeleenthede

Voorsitter: Mnr Manie Lombard

Die opdrag van die werkstroom vir finansies en regsangeleenthede is om die finansiële en regsimplikasies van COVID-19 vir die US te bestuur.

Studentegeld: Verskeie bystandsmaatreëls is in 2020 vir die betaling van studentegeld goedgekeur en in werking gestel. Dít sluit in bystand met die betaling van studentehuisvestingsgeld sowel as rente en heffings vir studenteparkering, sportklubs, huisfondse en Privaatstudenteorganisasie-aktiwiteite.

Versekering: Versekerers het nog nie die geldigheid van enige universiteitseise erken sedert die uitslag van onlangse nasionale en internasionale hofsake oor bedryfsonderbrekingseise weens COVID-19 nie.

Kontantvloei en finansiële volhoubaarheid: Kontantvloeivooruitskattings word steeds op ’n daaglikse, maandelikse en jaarlikse grondslag bestuur namate nuwe inligting oor COVID-19 beskikbaar kom. Die bestuur is tevrede dat die maatreëls wat tot dusver getref is voldoende is om finansiële volhoubaarheid oor ’n beplanningshorison van ses jaar te verseker.

Werkstroom 7: Navorsing/Mediese Advieskomitee

Voorsitter: Prof Eugene Cloete

Nagraadse program 2021: Die werkstroom vir navorsing het die IKBV in kennis gestel dat nagraadse studente nie tot Maart hoef te wag om na die kampus terug te keer nie, maar teruggenooi kon word sodra hulle departemente gereed was om hulle te ontvang.

Bystand vir nagraadse studente: Die IKBV het bystand uit die gebeurlikheidsfonds beskikbaar gestel vir nagraadse studente wat weens die impak van COVID-19 probleme ondervind om hul studies te voltooi. Die Nagraadse Kantoor het die proses gefasiliteer. Databondels is ook op aanvraag voorsien.

COVID-19-geburlikheidsfinansiering vir navorsingskontrakte: Navorsers ondervind probleme met die uitvoering van navorsingskontrakte weens die impak van die inperking. Hoewel die meeste finansiers inskiklik is, en ingestem het om kontraktydperke te verleng, word geen bykomende finansiering vir die verlengde tydperk beskikbaar gestel nie. Dít skep 'n uitdaging, want baie kontrakte behels aanstellings wie se werk direk van kontrakfinansiering afhang.

Op grond van 'n impakstudie deur die Afdeling Navorsingsontwikkeling in April 2020 het die US se gebeurlikheidsfonds begin voorberei om navorsers in ernstige finansiële nood by te staan. Geburlikheidsfondsaansoeke vir 37 navorsingskontrakte ter waarde van R8 006 450 is uiteindelik in 2020 ingedien, waarvan R7 975 096 toegestaan is. 'n Verdere aansoek om R343 587 is in Februarie 2021 ingedien.

Personeel se terugkeer werk toe: Die Mediese Advieskomitee het by die IKBV aanbeveel dat lynbestuurders die beste daartoe in staat is om aan te dui watter werknemers na die kantoor moet terugkeer. Lynbestuurders is aangemoedig om pragmaties te wees in hierdie besluit, en te konsentreer op wat die beste vir die betrokke omgewing sal werk.

Ventilasie teenoor afskortings: Behoorlike ventilasie deur vensters oop te maak, behoort voorrang te kry bo die oprigting van skerms of afskortings in kantoormuimtes.

1.2 COVID-19-verwante kommunikasie

Die US se **COVID-19-webtuiste** funksioneer goed sedert dit op 14 Maart 2020 bekend gestel is, en word positief ontvang. Die webtuiste word voortdurend aangepas en bygewerk namate behoeftes en omstandighede verander. Die Engelse webtuiste het in die verslagtydperk 21 000 besoeke ontvang, en die Afrikaanse weergawe 1 800 besoeke.

Gereelde kommunikasie is nodig om te sorg dat US-belanghebbendes op hoogte bly van alle belangrike inligting, besluite en ontwikkelings ten opsigte van bedryfsvoortsetting by die Universiteit. Die agt **COVID-19-verwante massaboodskappe** wat in die oorsigtydperk aan personeellede en studente gestuur is, het 'n gemiddelde leeslyfer van 63% behaal, wat ver bo die bedryfstandaard is.

Die deurlopende **COVID-19-studentebewusmakingsveldtog** is boonop met plakkate aangevul, wat teen lappale langs hoofwandelroetes op kampus, waaronder Victoria- en Van Ryneveldstraat, aangebring is. Die boodskappe het gedraai om die belang daarvan om 'n masker op kampus te dra, 'n veilige afstand van ander te handhaaf en gereeld hande te was. Hierdie boodskappe is op die US se sosialemediakanale onderstreep.

1.3 Hersiening van die US se Taalbeleid

Die huidige Taalbeleid (2016) verval vyf jaar ná implementering (wat in 2017 was) en word dus in die loop van 2021 hersien. Die Viserektor: Leer en Onderrig het aan die einde van 2020 'n hersieningsproses van stapel gestuur. Die uitgangspunt vir die hersiening is dat die Taalbeleid in 2019 die grondwetlike toets in die hof deurstaan het. 'n Taakgroep met verteenwoordigers van alle fakulteite het in Desember 2020 en weer in Februarie 2021 vergader.

Die taakgroep het 'n aantal institusionele bronne in ag geneem. Dít sluit in:

- die Viserektor: Leer en Onderrig se taalverslae aan die Raad;
- die verslae van die Taalbeplanning-en-bestuurskomitee sedert 2017;
- bevindings van opnames oor studente- en personeeltevredenheid en -taalvaardigheid;
- demografiese inligting oor personeel- en studentetaalprofile;
- Taaldagverslae;
- Taalkomiteeverslae;
- uittreksels uit Raadsnotules oor taalverwante agendapunte; en
- die Konstitusionele Hof se uitspraak van 2019.

Die taakgroep het op grond van die Universiteitsalmanak vir 2021 'n tydlyn vir die hersiening aanvaar. Volgens die tydlyn moet 'n eerste konsep van die voorgestelde hersiene Taalbeleid teen **Maart** aan die algemene US-gemeenskap voorgelê, deur die Rektoraat oorweeg en vir **openbare oorlegpleging** uitgereik word. 'n Herbewerkte tweede konsep sal in **Julie** vir openbare oorlegpleging beskikbaar gestel word. Die proses eindig in **Desember**, wanneer 'n finale weergawe vir bespreking en aanbeveling aan die tersaaklike institusionele komitees voorgelê en vir goedkeuring by die Raad ingedien sal word, met die instemming van die Senaat en ná oorlegpleging met die Institusionele Forum.

1.4 Institusionele Beplanningsforum

Die jaarlikse IBF onder leiding van **prof Hester Klopper**, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, het op 10 en 11 **Februarie** 2021 plaasgevind. 'n **Hibriediese** vergadermodel is gevolg om sowel fisiese as aanlyn deelname moontlik te maak.

Die doel van die IBF was drieledig. Deelnemers het eerstens oor die instelling se huidige en gewenste **strategiese posisionering** besin, sowel as oor wat dit beteken om soepelheid by alle US-aktiwiteite in te sluit. Tweedens het die IBF op die **strategie-implementeringsplan**, en veral die hersiening van doelwitte, doelstellings en aksies, gekonsentreer. Derdens is hoofde van verantwoordelikhedsentrusse (VS'e) 'n geleentheid gebied om hulle onderskeie VS'e se beoogde fokusse teen **2022** aan te dui, wat as grondslag vir die omgewingsplanne vir 2022–2027 dien.

Ná diepgaande gesprekke het deelnemers die Universiteit se strategiese fokus in sy strategie en implementeringsplan herbekragtig. Die doelstellings en aksies is goed op dreef, hoewel sekere gebiede opnuut gekalibreer moet word.

1.5 Transformasieverslag

Soos alle ander universiteite in Suid-Afrika, moet die US jaarliks 'n transformasieverslag by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) indien. Die verslag word opgestel aan die hand van 'n stel aanwysers wat in 2017 opgestel en deur die DHOO aanvaar is.

Die transformasieverslag vir 2020 is die derde van sy soort en bevat data uit al die verskillende US-omgewings. Die hoof van die US se Transformasiekantoor, [dr Zethu Mkhize](#), het die samestelling van die dokument gekoördineer.

Benewens indiening by die DHOO, gebruik die US die verslag om transformasieverwante tendense by die instelling oor 'n langer tydperk oorsigtelik te meet. Die aanwysers sal met verdrag aangepas word.

1.6 Visualisering van ranglyksdata

Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) het 'n interaktiewe PowerBI™-visualisering van data met betrekking tot ranglyste ontwikkel. 'n Oorsig van die visualiseringstoepassing is op IOB se [webtuiste](#) te kry.

Die model bevat 'n lys ranglyste waaraan die US deelneem, visualiseer verskillende Suid-Afrikaanse universiteite se posisie op daardie ranglyste, verduidelik die verskillende ranglysmetodologieë en -datavelde, en voorsien die data wat die US by die ranglyste indien. Dit vergelyk ook die data wat Suid-Afrikaanse universiteite as HEMIS- (personeel- en studente-)statistieke aan die DHOO voorsien, met die inligting wat die universiteite aan die Times Higher Education- en die QS-wêrelduniversiteitsranglyste voorlê.

1.7 Personeelbyeenkomste


Die laaste personeelbyeenkoms van 2020 was 'n regstreekse MS Teams-geleentheid op **8 Desember**. Altesaam 971 personeellede het ingeskakel. Items op die sakelys was 'n terugblik op 2020 en 'n toekomsblik op 2021, personeelgesondheid en -welstand, en die Raad se besluit oor die begroting vir 2021. Personeellede het ook van dié geleentheid gebruik gemaak om afskeid te neem van prof Arnold Schoonwinkel, wat aan die einde van 2020 as Viserektor: Leer en Onderrig uitgetree het.

US-personeel het weer op **6 Februarie** saamgekom vir die eerste byeenkoms van die nuwe jaar – weer op Teams. Prof Deresh Ramjugernath, die nuwe Viserektor: Leer en Onderrig, het 'n geleentheid ontvang om sy planne vir die jaar uiteen te sit. Daar is voorts gekonsentreer op lesse uit 2020, die oorgang van nood- tot aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessment (ERTLA tot ARTLA), en hoe die COVID-19-protokolle studente en personeel wat na die kampus terugkeer, sal raak.

1.8 Projek vir 'n nuwe US-handelsmerk

Ná uitgebreide oorlegpleging en kommentaar het die handelsmerkopknapping wat aan die begin van 2019 van stapel gestuur is, verander in 'n projek om 'n **algehele nuwe identiteit vir ons instelling** te skep. Die nuwe visuele identiteit moet die US se Visie 2040 weerspieël en die Universiteit se toewyding aan transformasie ondubbelsinnig weergee.

Die hersiene deelnameproses (**sien prosesuitbeelding hieronder**) het in die verslagtydperk verder gevorder. Altesaam 1 075 deelnemers het in Oktober en November 2020 die voorontwerpdeelnamefase meegemaak, wat uit 17 interaktiewe MS Teams-sessies met die vernaamste US-belanghebbendes bestaan het. Die belangrikste bevindinge en tendense is daarna aan die Rektooraat, Senaat en Raad voorgelê, en het as grondslag gedien vir die ontwerpopdrag vir die nuwe visuele identiteit.



Die US-handelsmerkspan en die ontwerpagentskap, Boomtown, het in Desember 2020 en Januarie 2021 verskeie kreatiewe sessies gehad. Die doel met dié sessies was om die voorgestelde

logomoontlikhede af te handel sodat belanghebbendes dit in die na-ontwerpdeelnamefase kan oorweeg.

Na-ontwerpdeelname is teen die einde van Februarie 2021 afgehandel. Die hoofmerk was om te bepaal watter van die drie moontlike visuele identiteite die beste sal werk om die US se strategiese en handelsmerkdoelwitte te bereik. Die drie moontlikhede is aan belanghebbendes voorgelê gedurende tien interaktiewe MS Teams-sessies, sowel as in 'n aanlyn opname vir personeellede, studente, alumni en Raadslede. Altesaam 2 121 interne en eksterne belanghebbendes het deelgeneem. Die na-ontwerpdeelnamefase maak die grondslag uit van 'n finale ontwerp vir die US se visuele identiteit, in pas met die ontwerpdrag, om uiteindelik 'n aanbeveling oor 'n voorgestelde nuwe visuele identiteit vir die US te formuleer.

Die deelname- en goedkeuringsproses sal die instelling se statutêre aanbevelingsroete volg, naamlik aanbiedings aan die **Institusionele Forum** en die **Senaat**, skakeling met die **Studenteraad**, en, uiteindelik, voorlegging aan die **Raad** om finale goedkeuring te bekom.

1.9 Stelselvernuwing (SUNFin en SUNStudent)

Koördinasie tussen die **SUNFin- en SUNStudent-projekte** is steeds deurslaggewend nie net vir die sukses van die onderskeie projekte nie, maar ook ter wille van die algehele sukses van stelselvernuwing by die US.

Die Afdeling Informatietegnologie (IT) voorsien bykans 40 tegniese personeellede aan sowel SUNFin as SUNStudent op hetsy 'n deel- of voltydse grondslag. IT se vernaamste bydraes oor die verslagtydperk was:

- die lewering van integrasies tussen SUNFin Oracle Cloud Financials en die res van die inligtingsekosisteem, soos PlanOn, SUN-e-HR, banke en die Voertuigpoel;
- die lewering van fase 1-integrasies tussen SUNStudent Academia en die res van die inligtingsekosisteem, soos ou finansiële ontvangstetoepassings, die betaalpoort, SUN-e-HR en Bellvillepark-kliënteverhoudingsbestuur; en
- die voorbereiding van IKT-argitektuur vir sowel SUNFin as SUNStudent, wat insluit die versekering dat gebruikers se weblesers versoenbaar is, dat multifaktorstawing vir alle gebruikers toeganklik is, dat die oorskakeling vanaf ou omgewings vlot verloop, en dat prestasie, gebruik en gebruiksregte gemoniteer word.

1.9.1 SUNFin

Die SUNFin-projek het teen die einde van 2020 aansienlike vordering gemaak, ondanks die uitdagings wat die span in die loop van die jaar ondervind het. 'n Paar van die hoogtepunte volg hieronder:

- Die IKT-integrasiesnelspan het verdere goeie vordering gemaak met die vereiste integrasie tussen die US se ou randstelsels en Oracle Cloud Financials (OCF). Die span het fase 1 en 2 van die integrasievereistes klaar gebou. Hulle het ook 'n prioritiseringsoefening onderneem om die noodsaaklike integrasies vir insluiting by rondte 3 te bepaal, wat fokus verleen het aan hulle werk met die oog op die begin van 2021.
- Die nodige bedryfsbesluite en konfigurasiekeuses vir rondte 3 is bevestig, en die suiwering en voorbereiding van data om vir rondte 3 gelaai te word het begin.
- Die SUNFin-opleidingskoördineerder is aangestel om die volledige opleidingsplan op te stel en die lewering daarvan te fasiliteer. Dít sal sorg dat eindgebruikers behoorlik toegerus en bemagtig is om op die SUNFin-oplossing te werk sodra dit geaktiveer word.
- Projekverslae vir verskillende teikengehore (Algemene Bestuurdersvergadering, Fakulteitbestuurdersforum) is voltooi.

Die nuwe jaar het vir die Afdeling Finansies en die SUNFin-projekspan ongelukkig op 'n hartseer noot begin met die afsterwe van 'n kollega wat as 'n kernvakinhoudskenner gedien het. Heelwat personeellede het ook in die feesseisoen geliefdes aan COVID-19 verloor. Ondanks hierdie uiters emosionele tyd, en die verwagte druk op projekhulpbronne weens die finansiële jaareinde en eksterne audit, bly die SUNFin-projekspan daartoe verbind om by die projektydlyn vir **aktivering op 1 Julie vanjaar** te hou.

By die SUNFin-beheerkomiteevergadering op 3 Februarie moes die komitee nietemin kennis neem van die projekrisiko's wat by die risikobestuursforum uitgelig is, naamlik:

- voortslepende hulpbronbeperkings sedert projekaanvang in April 2019;
- die projekspan se vermoë om die vernaamste finansiële ent-tot-ent-bedryfsprosesse te bepaal en te dokumenteer, waaronder die nuwe bedryfsprosesse vir die implementering van die projek- en toelaagmodules; en
- die tydsduur om die tersaaklike proseskontroles en pligverdeling vóór die aanvang van rondte 3 te bepaal sodat die kontroles en die nuwe SUNFin-oplossing behoorlik getoets kan word voordat eindgebruikeropleiding betyds vir die aktivering begin.

Die huidige vertraging om data vir rondte 3 te laai, sowel as die risiko's hierbo, het 'n direkte invloed op die span se vermoë om die oplossing teen 1 Julie te aktiveer. Die beheerkomitee het dus 'n dringende intervensie van stapel gestuur om:

- te bepaal watter werk nog uitstaande is wat die ontwerp en bepaling van ent-tot-ent-bedryfsprosesse betref; en
- te skat hoeveel werk vereis sal word om voldoende gebruikeraanvaardingstoetsing en eindgebruikeropleiding te onderneem voordat die oplossing geaktiveer word.

Hierdie intervensie is teen die einde van Februarie voltooi, waarna 'n herbeplanningsoefening begin het wat op twee sake konsentreer, naamlik die beskikbaarheid van kern- finansiële hulpbronne, en die onderlinge afhanklikheid tussen SUNFin en SUNStudent.

Die herrangskikking van die Afdeling Finansies se organisatoriese struktuur sowel as rolle en verantwoordelikhede bly 'n kernfokus vir die Finansies-leierskapspan. Die aangepaste struktuur sal strook met die steunraamwerkvereistes om die Universiteit in staat te stel om die wolkoplossings ná aktivering te bestuur en te bedryf. Die steunraamwerk sal deurslaggewend wees om die voortgesette ontwikkeling (in die geval van OCF, kwartaallikse bywerkings) van die nuwe wolkoplossings te koördineer.

1.9.2 SUNStudent

Die SUNStudent-projek het in Desember 2020 'n belangrike mylpaal behaal toe dit die 99%-kerf vir die goedkeuring van alle bloudrukdokumente vir die 25 US-bedryfsfunksies in die projek bereik het. Implementeringsvennoot Serosoft het gevolglik met konfigurasiewerk begin.

Serosoft het die US-kernprojekspan aan die einde van November en vroeg in Desember opgelei in die konfigurasie van die aansoek-/toelatingsbedryfsfunksie omdat die US self dié funksie in stand sal hou nadat die stelsel geaktiveer is. Verdere konfigurasieopleiding het in die laaste week van Januarie en die eerste week van Februarie 2021 plaasgevind, dié keer oor die registrasiebedryfsfunksie. Vier gebruikeraanvaardingsessies is ook vir die kernspan en tersaaklike belanghebbendes aangebied. Dié sessies het gehandel oor die laai en bestuur van die jaarlikse Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-)uitslae wat die US van die verskillende matriekeksamenrade ontvang, verkiesings, studentedissipline en tesisbestuur.

Hoofsaak vir die res van die verslagtydperk was om die vereiste oorskakelingsplanaktiwiteite uit te voer om die stelsel **op 6 April**, betyds vir **aansoeke/toelatings vir 2022**, te aktiveer. Hierdie aktiwiteite het ingesluit die konfigurasie van die produksie- (d.w.s. bedryfsproses-)omgewing, en

die laai van alle meesterdata en tuimelkieslyste sowel as die riglyne, instruksies en boodskappe wat op die Maties-webtuiste verskyn en/of aan aansoekers gestuur word. 'n Kopie van die produksieomgewing sal dan in die loop van Maart gebruik word om alle geïdentifiseerde gebruikers op te lei.

1.10 Inetkey uitgefaseer danksy nuwe netskans

Inetkey, die (wyd verfoeide) meganisme vir internetgebruikeridentifikasie en -gebruiksmonitering, is sedert die einde van Februarie **nie meer in gebruik nie**. Dít volg ná die US se opgradering na 'n **nuwegenerasie-netskans** van Palo Alto Networks. Die nuwe netskans is deur die maatskappy Xhipu aangekoop, wat die US na die nuwe tegnologie sal help oorskakel.

'n Netskans (*firewall*) is 'n standaardveiligheidsinstrument wat sorg dat alle verbindings tussen 'n organisasie se netwerk en die internet geldig en veilig is. 'n Tradisionele netskans doen dít deur poorte of internetprotokolle te inspekteer en te blokkeer. 'n Nuwegenerasie-netskans kan egter verdagte toepassings óók inspekteer en blokkeer. Die US se nuwe netskans behoort dus te kan **keer** dat **indringerware (malware)** die Universiteit se netwerk binnekom.

1.11 US in die nuus (27 Okt 2020 –8 Mrt 2021)

(Alle items in **blou** en **rooi** hieronder bevat hiperskakels; klik gerus om toegang te verkry.)

Volgens die datastel van mediamoniteringsagentskap PEAR het die Universiteit sy goeie mediavertoning in November en Desember 2020 en tot in Januarie en Februarie 2021 voortgesit. Die US het in dié tydperk die tweede meeste algemene nuusbrokkies van alle Suid-Afrikaanse universiteite opgelewer. In die subkategorie “Navorsing en innovasie” het die US derde geëindig in November, tweede in Desember, derde in Januarie, en weer tweede in Februarie.

Ten opsigte van **fakulteits**verwante dekking was Ekonomiese en Bestuurswetenskappe dié drie maande steeds aan die voorpunt wat algehele volume betref, gevolg deur Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

Ons kenners het ook voortgegaan om die media van waardevolle inhoud en kommentaar oor **COVID-19** te voorsien, en het sodoende die Universiteit se reputasie as 'n innoverende en maatskaplik verantwoordelike instelling verder verstewig.

Onder die verskeie **institusionele aangeleenthede** wat in die nuus was, was die Universiteit se beweerde betrokkenheid by 'n WhatsApp-groep wat gelekte vrae uit die Wiskunde 2-vraestel van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen bekend gemaak het (**lees die US se verklaring hier**). Daar is wyd oor die saak berig, onder meer in [The Herald](#), [Sunday Times](#), [Sowetan](#), [The Mercury](#), [The Witness](#), [Cape Times](#), [Daily News](#), [Die Burger](#), [Cape Talk](#), [eNCA](#), [Newzroom Afrika](#), [RSG](#), [Times Live](#), [News24](#) en [The Citizen](#).

Onlangs het mediaberigte oor 'n **“slegs Engels”-beleid** die US in die kalklig geplaas: [Rapport](#), [Rapport](#), [Die Burger](#), [Die Burger Saterdag](#), [Beeld](#), [Beeld](#), [Politicsweb](#), [Eikestadnuus](#), [Die Burger](#), [The South African](#), [Good Hope FM](#), [Bushradio Blog](#), [IOL](#), [Political Analysis](#), [SABCNews](#), [Die Burger](#), [Beeld](#), [Capetalk](#), [CCFM](#), [Rapport](#), [Die Burger](#), [Die Burger](#), [Classic FM](#), [Die Burger Saterdag](#), [Volksblad](#), [Litnet](#), [Die Burger](#), [Beeld](#), [Jacaranda FM](#), [Die Burger](#), [Die Burger](#), [Eikestadnuus](#), [Litnet](#), [The South African](#), [IOL](#), [Litnet](#), [CCFM](#), [CCFM](#), [Die Burger](#), [Litnet](#), [Litnet](#).

Ander institusionele kwessies waaroor die media in die oorsigtydperk verslag gedoen het, sluit die volgende in:

- Die **arbitrasiebeslissing ten gunste van die US in die saak teen Jurie Roux en Chris de Beer** (News24, IOL, The Citizen, Business Live, SA Rugby, The South African, SABCNews)
- Die tragiese dood van senior student mnr Ashwill Boer (Die Burger, The Citizen, Eikestadnuus, Heart FM, IOL, Jacaranda FM, Netwerk24, Daily Voice, News24, The Citizen)
- 'n Skoolhoof se beswaar teen die haarstyl van 'n US-onderwysstudent (Die Burger, Cape Argus, CCFM, Rapport, Volksblad, IOL)
- Die hofbevinding ten gunste van die US in die sogenaamde Nazi-plakkaatsage (Die Burger, Cape Times, The Citizen, RSG, Sunday Times, Volksblad, IOL)
- **Pas aangestelde Kavalier in die Franse Nasionale Orde van die Erelegioen** prof Thuli Madonsela se tog teen Tafelberg uit om geld vir studente se universiteitskuld in te samel (Cape Times, City Press, eNCA, HeartFM, SmileFM, CCFM, Times Live, News24, Times Live)

Die Universiteit se **mediaverklarings** het die afgelope drie maande goed gevaar. 'n Aantal het gehandel oor studente wat in Desember 2020 gegraduateer het:

- **Geen uitdaging te groot vir US-graduada en Paralimpiese atleet nie** (Cape Times, Beeld, Die Burger, Volksblad)
- **US-graduatus bereik sy droom ondanks lewensveranderende siektetoestand** (Beeld, IOL, The World News)
- **PhD-student ontwikkel waardevolle graderingsstelsel vir heuningbostee** (Die Burger, Cape Argus, RSG, Times Live, Netwerk24, IOL)
- **Top-ingenieurstudent ontvang gesogte Kanseliersmedalje** (Die Burger, Radio Tygerberg)
- **Paartjie ontvang saam-saam hul PhD's** (Die Burger, IOL, News24)

Die US se **navorsingswerk** bly 'n belangrike bron van publisiteit vir die instelling:

- **US gebruik GoPro-kamera as opvoedkundige instrument tydens operasies** (Die Burger, Cape Argus, The Mercury, News24)
- **Miniatuur gorrelskurwepaddas op Mauritius en Réunion verstom navorsers** (Cape Times, The Star, IOL, Times Live)
- **Polhilia – hersiening van minder bekende Kaapse plantgenus verseker bewaring** (Cape Times, Paarl Post, Swartland Gazette)
- **Navorsing ontwerp welweesprogram vir enkelma's** (eNCA, Cape Argus, Die Burger, SAFM)
- **Normalisering van hommeltuiggebruik bring nuwe uitdagings vir internasionale wetgewing** (Weekend Argus, Voice of the Cape, Engineering News)
- **'Heilige Woude' berg koolstof, help klimaatsverandering bekamp** (Cape Argus, IOL)
- **US-navorsers herbedink behuising ná COVID-19 met 'terugkeer na die kraal'** (eNews Direct, Business Insider, Times Live, Sowetan Live, Cape Talk)
- **Eerste skatting van Namibië se dolfynbevolking** (SAFM, Cape Times)

Denkleierskap: Ons akademiese personele gaan voort om US-navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak deur denkleierskapstukke vir [The Conversation](#) te skryf. Altesaam 29 van ons bydraers het in die verslagtydperk 23 artikels die lig laat sien, wat gesamentlik net meer as 314 000 keer gelees is.

Menslike kapitaal: Volgens PEAR se mediamonitoring van individue by die US het 134 mediabrokkies in Desember, 165 in Januarie en 291 in Februarie na die Universiteit se menslike kapitaal verwys. Dít word as ’n beduidende bydraer tot mediadekking beskou, veral in die subkategorie “Navorsing en innovasie”.

Daarbenewens het personeel en studente van die US weer ’n groot getal **meningsartikels, hoofartikels en rubrieke** opgelewer (sien **BYLAAG**). Die Mediakantoor het ook die pers van **kennerslyste** voorsien om kommentaar te lewer oor Wêreldkankerdag (4 Feb), die Staatsrede (11 Feb), Wêrelddag vir Sosiale Geregtigheid (20 Feb) en die Begrotingstoespraak (24 Feb). Bydraes met betrekking tot die Staatsrede alleen het aansienlike dekking vir die Universiteit meegebring (**Beeld, Die Burger, Cape Times, Engineering News, Newzroom Afrika, SABCNews, Sunday Independent, Volksblad, Daily Maverick**), terwyl US-kenners se kommentaar op die Begrotingstoespraak ook wyd gedek is (**Cape Argus, Cape Times, The Mercury, kykNET, SAFM, Daily Maverick, News24, IOL**).

1.12 Grade- en toewydingsplegtighede 2020

Die gradeplegtighede van 14 tot 16 Desember 2020 het ’n hibridiese benadering gevolg.

Twaalf klein fisiese (kontak-) plegtighede is aangebied om PhD’s, eredoktorsgrade, die Kanselierstoekennings en die Kanseliersmedalje toe te ken. Alle vereiste COVID-19-protokolle is geïmplementeer en geen koronavirusverwante voorval is aangemeld nie. Alle ander kwalifikasies is gedurende aanlyn fakulteitspesifieke plegtighede verleen, wat **tot dusver 36 076 keer** gekyk is.

Die meeste kykers was van binne Suid-Afrika, hoewel kykers ook van elders op die vasteland (Namibië, Zambië, Kenia en Zimbabwe) en so ver soos die Verenigde Koninkryk, Australië, die Verenigde State, Kanada en Suid-Korea ingeskakel het.

Die fisiese PhD-plegtighede is ook regstreeks oor die internet uitgesaai, en is **4 200 keer** gekyk – meer as die helfte daarvan ná die tyd.

Die hibridiese plegtighede is deur die VS van die Registrateur in samewerking met Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking, Alumnibetrekkings, Fasiliteitsbestuur en ander belanghebbendes gereël. Die Kantoor vir Assessering, Akademiese Rekords en Gradeplegtighede (AARGO) het die verspreiding van graaddokumente vir **5 701 gegradueerdes** gekoördineer.

Die IKBV se besluit om hibridiese gradeplegtighede te hou, het die herontwerp van die gradepublikasie vereis om vir albei formate voorsiening te maak. Drie gradeboekies is uiteindelik in samewerking met Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking uitgegee om voldoening aan US-handelsmerkprotokolle sowel as toeganklikheid en gebruikervriendelikheid vir graduandi te verseker.

’n Gradeplegtigheidskommunikasieveldtog is boonop van stapel gestuur om graduandi en gaste gebruikervriendelike toegang tot akkurate inligting oor alle gradeprosesse te bied. Die gestroomlynde gradeplegtighedswebtuiste het in die verslagtydperk 90 000 besoeke ontvang, en ’n nuusbrieff is voor die gradeplegtighede aan graduandi gestuur. Daarbenewens kon die US-gemeenskap gegradueerdes se verhale in die grade-uitgawe van nuus@StellenboschUni lees. ’n Aantal artikels het ook op die US se webtuiste, sosialemediakanale en in sowel plaaslike as nasionale media verskyn.

Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking werk sy aan sy met die VS van die Registrateur om die gradeplegtighede van Maart/April 2021 te beplan, waarvoor ’n hibridiese model weer oorweeg word.

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se voorgraadse **toewydingsplegtighede** in Desember is deur die Sentrum vir Studenteadministrasie (Tygerbergkampus) in samewerking met die Dekaanafdeling en FGGW se Bemakings- en Kommunikasiekantoor gereël. Weens die skerp styging in COVID-19-gevalle in daardie tyd is die plegtighede aangebied as twee **aanlyn geleenthede**

vir graduandi, wat kon aansluit vir die uitlees van die onderneming vir gesondheidswerkers. Altesaam **1 619** mense het die oggend na die plegtigheid vir Gesondheidswetenskappe gekyk, en **3 475** het vir die MBChB-plegtigheid die middag ingeskakel.

1.13 Korporatiewe kommunikasie

Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking het op verskeie platforms gedurende die verslagtydperk inhoud gegenereer.

1.13.1 Korporatiewe publikasies

Die digitale publikasie [Review 2019](#) is in November 2020 uitgegee. Dit bevat hoogtepunte en 'n finansiële oorsig van die US vir die verslagjaar 2019. Dít is die eerste uitgawe van hierdie jaarpublikasie, wat 'n bondige en toegankliker weergawe van die Universiteit se geïntegreerde jaarverslag is.

Daarbenewens werk die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies saam met die verantwoordelikhedsentrum van die Registrateur, fakulteite en SUN MeDIA om die toelatingsvereistebrosjyre vir 2022 met die oog op graad 12's saam te stel. Die brosjyre word onder skole en gemeenskappe landwyd versprei om te sorg dat leerders en hulle ouers toegerus is om ingeligte studie- en loopbaanbesluite te neem. 'n E-weergawe van die brosjyre sal ook op www.maties.com geplaas word.

1.13.2 E-poskommunikasie

Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking het 'n aantal boodskappe help opstel en versprei, naamlik oor die hervatting van die pendeldiens, wysigings aan beurswetgewing, die uitbreiding van die US se gesondheidsdienste vir personeel, sowel as 'n aantal ontvallingskennisgewings.

Die weeklikse e-nuusbrief vir personeel, info@StellenboschUni en nuus@StellenboschUni, is vir die Desember-vakansietydperk gestaak, maar het onderskeidelik weer sedert 20 en 22 Januarie 2021 verskyn. Die nuusbriewe sal oudergewoonte die hele jaar deur gebruik word om belangrike inligting en interessante nuus aan personeel oor te dra.

Die span van Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking het ook 'n boodskap geskep wat die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies gebruik het om met die US se vernaamste toevoerskole te kommunikeer en gedurende landwye skoolbesoeke aan skoolhoofde en onderwysers uit te deel. Die boodskap dra die US se beste wense vir 2021 oor.

1.13.3 Sosiale media

'n **Veldtog oor geestesgesondheid** is gedurende die eksamens van November 2020 in vennootskap met Studentesake op sosiale media aangebied. Sodoende is die aandag op die dienste van die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling gevestig.

Gedurende die Desember-gradetyd het die US ook in 'n aansienlike hoeveelheid **inhoud op sosiale media** verskyn wat nuwe graduati met die hutsmerk **#SUGrad** geplaas het om hulle kwalifikasies te vier.

Een van die suksesvolste plasinge van 2021 tot dusver was dié oor die **Jan Mouton Leersentrum**, wat 72 000 mense bereik het.

Die veldtog **#chooseSU** van Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking is boonop van Januarie tot mid-Maart 2021 op Facebook en Instagram aangebied. Plasinge het gehandel oor wat die US uniek maak en waarom voorlopig aanvaarde studente vanjaar by Maties behoort in te skryf. Die veldtoginhoud is ook op fakulteite se Telegram Messenger-groepe geplaas en op die WhatsApp-netwerk vir die werwingsbeursprojek gebruik.



1.13.4 Podsendings

[Talks@StellenboschUni](#), die US se podsendingskanaal, bevat nou reeds 64 praatjies. **Luisteraars van 77 lande** het die Universiteit se podsendings tot dusver al **10 700** keer gespeel.

1.14 Kampusvernuwing

Enigeen wat vanjaar na ons kampusse terugkeer, sal beïndruk wees met hoe goed ons **Kampusvernuwingsprojek** en ander infrastruktuurontwikkelings gevorder het. Ons Fasiliteitsbestuurspan het alles in die stryd gewerp om te sorg dat ons vele kapitaalprojekte sonder ernstige vertraging voortgaan. Personeellede het byvoorbeeld in November verlede jaar die nuwe Biomediese Navorsingsinstituut op ons Tygerbergkampus begin betrek, die nuwe Jan Mouton Leersentrum langs die Neelsie is heel betyds vir die aanvang van die akademiese jaar 2021 voltooi, en [Huis ten Bosch](#), wat in 2019 omvattende brandskade opgedoen het, is omskep in 'n moderne, doelgepaste koshuis wat gereed staan om vanaf Maart vanjaar studente terug te verwelkom.

Fasiliteitsbestuur se Projekbestuurskantoor hou tans toesig oor bouwerk ter waarde van meer as **R2 miljard**. 'n Oorsig van vordering met 'n paar van die grootste projekte volg hieronder.

1.14.1 Oorspoelfasiliteit



Die nuwe oorspoelfasiliteit in Hammanshandweg (**links**) is op 24 November voltooi, en die eerste gebruikers van die gebou, die Departement Siviele Ingenieurswese, het vroeg in Desember ingetrek.

Eksterne toegangsbeheermaatreëls ('n valboom en hekhuisie) is in die finale fases van toetsing en inwerkingstelling, en geringe geboufoute word ook tans herstel.

1.14.2 US Biblioteek

Die Makerspace in die US Biblioteek is die afgelope paar maande voltooi en het 10 Maart geopen. Naas die biblioteke van die universiteit van Pretoria en die Vrystaat, is die US Biblioteek maar die **derde in die land** om sy kliënte so 'n ruimte te bied.

Die Makerspace is 'n nuwe diensaanbod om navorsingskreatiwiteit en -innovasie te ondersteun. Dit sal 'n kreatiewe laboratorium wees wat as ontmoetingspunt sal dien tussen mense met idees en mense met die tegniese vermoë om daardie idees 'n werklikheid te maak. Studente sal toegang tot van die jongste tegnologie soos **3D drukwerk, 3D skandering, elektronika en 3D ontwerpsgeware** geniet.



Bouwerk om die US Biblioteek se voorportaalruimte, in die besonder die uitleentoonbank, op te knap begin binnekort. Groenewald Preller Argitekte het die finale ontwerp voltooi en eindgebruikergoedkeuring bekom.

Van die middel **van Februarie tot die einde van September** sal 'n nuwe inligtingstoonbank, nuwe studentewerkruimtes en ontspanningsleesareas geïnstalleer en nuwe ablusiegeriewe aangebring word. Die hoofdoel van die projek is om studente **gerieflike en doeltreffende ruimtes** te bied om in te werk, en dit terselfdertyd makliker te maak om die biblioteek te gebruik. Bestaande fasiliteite en infrastruktuur sal opgeknip word om die biblioteek 'n kontemporêre voorkoms te gee, hoewel die integriteit van die bestaande gebou behoue sal bly.

1.14.3 Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI)



Die dakplate en gekraakte liggewig-gidspleister van die ou Fisangebou is verwyder, bestaande dienste is verlê en oorbodige dienste is uitgeskakel om plek te maak vir die voetstukke van meganiese toerusting vir die nuwe aanlegkamer. Strukturele staalwerk vir die nuwe aanlegkamer verloop volgens plan.

Nadat personeel en aktiwiteite op verdieping 4 en 5 suksesvol na die pas voltooide eerste fase van die gebou oorgeplaas is, is hierdie verdiepings op 23 November 2020 formeel aan die kontrakteur oorhandig. Materiaal met asbes in, waaronder die twee trappe van verdieping 1 tot 5 aan die oostekant, is onder streng bewaking ingevolge asbesregulasies verwyder. Interne sloping vorder goed.

1.14.4 Fotovoltaïese dakinstallasie by Neelsie gereed

Die US is verbind tot die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte, die beperking van aardverwarming en die skep van 'n koolstofneutrale wêreld.

Sistemiese volhoubaarheid is een van die vernaamste kenmerke van die US se visie en strategie. Dít sluit in die kostedoeltreffende voorsiening van volhoubare energie op lang termyn. Die doel is om die Universiteit se CO₂-vrystellings teen 2030 tot netto sero te verlaag deur ons huidige, koolstofgebaseerde energie met skoon, **hernubare energie** te vervang, wat sonkrag insluit.



Die nuwe fotovoltaïese dakinstallasie by die Neelsie-studentesentrum sal 'n aansienlike bydrae in dié verband lewer. Die installasie is in Januarie 2021 voltooi (**sien foto hierbo**) en die finale oorhandiging geskied in Maart. Die stelsel sal die Universiteit se elektrisiteitsrekening beduidend verlaag en die instelling se **koolstofvoetspoor oor die volgende 20 jaar met 6 000 ton CO₂ verklein**.

Die Neelsie is as 'n ideale ligging geïdentifiseer weens die plat dak van die gebou, waarop die installasie gemonteer kon word sonder om van die pad af sigbaar te wees.

1.15 Koolstofbelasting

Deur die Parys-ooreenkoms oor klimaatsverandering te onderteken, het die Suid-Afrikaanse regering hom tot die implementering van verskeie wetsinstrumente verbind om dié ooreenkoms uit te voer. Een so 'n instrument is die Wet op **Koolstofbelasting**, uitgevaardig op 1 Junie 2019.

Die wet verplig onder meer alle bedrywe om hulle kweekhuisgasvrystellings vir belastingdoeleindes te monitor en aan te meld. Die koolstofbelasting het op 31 Oktober 2020 in werking getree. Dit word nie as inkomstebelasting beskou nie, maar as 'n omgewingsheffing wat ingevolge die Wet op Doeane en Aksyns betaalbaar is.

Hoewel artikel 10(1)(cA) van die Wet op Inkomstebelasting universiteite van inkomstebelasting vrystel, bevat die Wet op Koolstofbelasting nie so 'n uitsluiting nie.

Ingevolge die wet kan brandstof wat vir stilstande verbrandingsaktiwiteite (soos noodkragopwekkers) gebruik word, van die finale koolstofbelastingaanspreeklikheid afgetrek word om dubbele belasting te verhoed. Nogtans moet jaarlikse opgawes vir enige installasie wat die geïnstalleerde vermoëdrempel oorskry by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) ingedien word.

Die US het **nooddieselkragopwekkers** met 'n geïnstalleerde vermoë van **23 MWth** (megawatt termies), wat die maksimum vermoë van 10 MWth oorskry, en is dus onderworpe aan koolstofbelasting. Daarom moet die Universiteit as 'n dataverskaffer op SAGERS, die Suid-Afrikaanse stelsel vir die aanmelding van kweekhuisgasvrystellings, registreer.

Die koolstofbelasting word teen 'n tarief van R120 per ton CO₂e (CO₂-ekwivalent) gehef, en sal vir elke belastingtyperk tot en met Desember 2022 teen inflasie plus 2% styg, en daarna teen inflasie.

Vir eers moet die US met ingang van Maart 2021 verslag doen oor kweekhuisgasvrystellings uit die verbanding van fossielbrandstof, wat as vlak 1-vrystellings bekend is. Vlak 2-vrystellings (wat insluit alle elektrisiteit of stoom uit fossielbrandstof wat tot kweekhuisgasvrystellings bydra) word vanaf 1 Januarie 2023 geïmplementeer. Implementering van vlak 3-vrystellings (wat alle vervoer, sakereise en goedere- en diensteaankope insluit) volg ná 2024.

Dit sal 'n **ernstige impak op die US se toekomstige bedryfsbesteding** hê. Om die risiko van hierdie bykomende belastinglas te beperk, moet 'n volhoubare energiestrategie ontwikkel en in werking gestel word.

Bestaande intervensies vir 'n volhoubare energietoekoms wat Fasiliteitsbestuur reeds geïmplementeer het, sluit in:

- die kampuswye installering van slimmeters wat elke vyf minute intydse data oor elektrisiteitsverbruik versend;
- die installering van 'n mediumspanning-slimmikronetwerk om vir groot fotovoltaiiese (FV) installasies in die buitewyke van die kampus voorsiening te maak;
- 'n gekonsolideerde gebiedsaanleg vir verhitting, ventilasie en lugversorging;
- 'n nuwe geboubestuurstelsel om verbruik te optimaliseer en die US se koolstofvoetspoor te verklein;
- die vervanging van verouderde ligte met energiedoeltreffende LED's; en
- slim elektriese opknappings.

Fasiliteitsbestuur sal 'n energieplan voorlê wat stappe sal insluit om die meting, bestuur en vermindering van energieverbruik by die Universiteit te ondersteun. Die einddoel is om kweekhuisgasvrystellings, en die impak daarvan deur die koolstofbelasting, te beperk.

1.16 Vordering met WiFi-netwerk

IT het die afgelope drie jaar 'n projek onderneem om WiFi in ál die Universiteit se koshuise te installeer. Ten minste **95% van koshuise** op Stellenbosch- en Tygerbergkampus het nou voldoende WiFi-dekking.

'n WiFi-klaskamerprojek is in samehang met Fasiliteitsbestuur se klaskameropknappingsinisiatief onderneem. Waar permanente WiFi-installasies nie moontlik was nie, is ad hoc-reëlings getref om ten minste 'n mate van WiFi in die meeste klaskamers beskikbaar te stel.

Met die **Raadsegefinansierde IKT in Onderrig en Leer-projek**, wat in 2015 begin het, het IT ook die netwerk van verskeie geboue opgeknop tesame met die installering van WiFi. Dit is in samehang met Fasiliteitsbestuur se Kampusvernuwingsprojek (KVP) gedoen. Die volgende fase sal wees om WiFi te voorsien aan geboue waar die KVP nie van plan is om in die nabye toekoms opknappings te doen nie. Vir dié doel sal bestaande netwerkpunte opgegradeer word om by WiFi-toegangspunte aan te sluit.

1.17 LaunchLab begin 2021 op 'n drafstap

Die US LaunchLab het 'n bedrywige paar maande agter die rug. Die inkubator het op 27 Januarie 2021 'n webinar aangebied, onder meer as 'n **vertoonvenster** vir sy huidige impakryke inkubasieprogramme. Dit sluit in "Countdown: Business Validation", 'n agt weke lange ontwerpdenkeprogram om te bepaal of 'n idee in 'n onderneming omskep kan word, en "Lift-Off: Business Growth", 'n 22 weke lange program uitgeknap vir die klein- en mikrosakemark.

Die LaunchLab het ook op 1 Februarie die **Tegpreneurskapsentrumprogram** met 'n eerste kohort begin. Die program bou sagtewareontwikkelaars se vaardighede, en plaas hulle by eendersdenkende organisasies. Altesaam 20 deelnemers sal aansluit by vanjaar se program, wat ten volle aanlyn aangebied sal word. Deelnemers sal ná die tyd met maatskappye in aanraking gebring word om moontlike internskappe in datawetenskap te voltooi. 'n Verdere twee kohorte word vir vanjaar beplan – een in Junie en die ander in September.

Daarbenewens het die LaunchLab bystand verleen aan **Makers Landing** by die V&A Waterfront – 'n kosgemeenskap wat die diverse Suid-Afrikaanse kultuur deur kos vier – om hulle eie inkubasieprogram te ontwikkel. Daar is boonop planne om die LaunchLab-inkubasieaanbod te laat lisensieer.


Volgens uitvoerende hoof Josh Romisher wil die LaunchLab tot en met 2025 graag:

- meer as 5 000 studente die geleentheid bied om entrepreneursvaardighede aan te leer;
- 200 idees of ondernemings in noodsaaklike sektore soos die klimaat, landbou en gesondheid help ontwikkel;
- meer as 20 tegnologieoordragafwentelmaatskappye ondersteun om hulle produkte markgereed te kry;
- R1,5 miljard in gesamentlike verdienste met sy maatskappyeportefeulje oorskry; en
- meer as 5 000 direkte werksgeleenthede oor die hele Afrika skep.

1.18 Registrateursafdeling in verantwoordelikhedsentrum omskep

Die US se uitvoerende bestuur het in 2020 beduidende stappe gedoen om werksaamhede in die Rektoraat te herrangskik. Dit het ingesluit 'n hersiening van Rektoraatstrukture om te sorg dat dit so goed moontlik ingestel is op die Universiteit se strategiese doelwit om soepel, aanpasbaar en responsief te wees op die immer veranderende en toenemende eise van die hoër onderwys, sowel nasionaal as internasionaal. Om die doeltreffendheid van die rol van die Registrateur te verhoog, het die Rektoraat die Registrateursafdeling in 'n verantwoordelikhedsentrum omskep en die funksies van **Toelating en Koshuisplasing, Kontak- en Kliëntediens** en die **Ikusasa-finansiële hulpprogram (ISFAP)-kantoor** na hierdie nuwe sentrum verskuif.

Dié funksieverskuiwing het 'n strukturele herskikking tot gevolg gehad, soos die organogram hieronder aandui:



1.19 Strukturele verbetering in verantwoordelikhedsentrum van Registrateur

Verlede jaar se DHOO-beursskema-ryne vir studente aan openbare universiteite het bepaal dat studente wat in privaat huurverblyf tuisgaan slegs vir NSFAS-huisvestingstoelae in aanmerking sal kom indien hulle in universiteitsgeakkrediteerde huisvesting woon. Vir dié doel is universiteite versoek om buitecampus- privaat huisvesting te gradeer. 'n **Privaathuisvestingskantoor** is dus in die Sentrum vir Toelating, Koshuisplasing en Privaat Huisvesting in die Afdeling Studentetoegang tot stand gebring, en 'n privaathuisvestingsbeampte is aangestel.

Die **Kantoor vir Assesserings, Akademiese Rekords en Gradeplegtighede ("AARGO")** is herrangskik en geamalgameer ooreenkomstig sy nuwe, goedgekeurde struktuur, en die aanstellingsproses vir 'n gradeplegtigheidskoördineerder is aan die gang. Daarbenewens sal strukturele veranderinge in die **Pos- en Liasseerkamer** aansienlike doeltreffendheidsverbetering meebring. Die naam van die entiteit sal na Logistieke en Bedryfsteun verander word, en 'n nuwe logistiek- en bedryfsteunadministrateur word tans aangestel.

1.20 Die strewing na beste praktyk in institusionele oorsigbestuur

Die US is verbind tot goeie institusionele oorsigbestuur en gaan voort om beste praktyk in dié verband na te jaag en in die Universiteit se bedrywighede vas te lê. Verdere vordering is in die verslagtydperk op 'n aantal gebiede gemaak.

Die pas gestigte verantwoordelikeheidsentrum van die Registrateur stel tans 'n reeks **institusionele reëls** op om uitvoering te gee aan die nuwe US Statuut van 16 Augustus 2019. Die mandaat en vergaderprosedure van die Konvokasie, prosedure ten opsigte van Konvokasielidmaatskap, sowel as die prosedure om die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie te benoem en te verkies, is in 2020 afgehandel. Werk duur voort, waaronder die skryf van reëls vir verklarings van belangebotsings deur Raadslede, die herverkiesing van Raadslede, die benoeming en verkiesing van Raads-/Senaatslede en -komiteelede in die Senaat/Raad en die Institusionele Forum, en die verkiesing en verantwoordelikehede van die Raadsvoorsitter en -ondervoorsitter.

Veral teen die agtergrond van COVID-19 wys die nuwe **Voldoeningskantoor** in Regsdienste sy waarde om die US by die snel veranderende regulasieomgewing verbonde aan die pandemie te help aanpas. Die kantoor adviseer vyf IKBV-werkstrome oor aangeleenthede soos bedryfsvoldoening, werkplekplanne, koshuisgereedheid, gesondheid-en-veiligheidsprotokolle, en die voortdurende veranderinge in COVID-19-regulasies. 'n Lys van 234 COVID-19-regulasiewysigings is in die verslagtydperk vir die IKBV opgestel en daarna onder belanghebbendes versprei.

Die Rektooraatsgoedgekeurde **Etiëkkantoor** word ook tans op die been gebring. Die voldoeningsbeampte het reeds die sertifikasiekursus vir etiekbeamptes van die Suid-Afrikaanse Etiek Instituut en die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool voltooi.

Daarbenewens het die COVID-19-pandemie alle **Studentedissipline**-verhore vir die volle duur van die inperking na die kuberruim laat verskuif. 'n Prosesdokument is opgestel en versprei, en verhore vind doeltreffend plaas.

Ook **Kommersiële Kontrakte** moes in die lig van die inperking hulle oorskakeling van druk tot digitaal bespoedig, en prosesse, lêers en ondertekende ooreenkomste is nou gedigitaliseer. Daar is steeds enkele uitsonderings, soos waar partye 'n gedrukte ooreenkoms of "nat" inksandtekening vereis, of waar die wet dit voorskryf.

Boonop het die inperking 'n **oorgang van kontak- tot aanlyn en hibriediese komiteevergaderings** vereis. Komiteebeamptes het sedertdien waardevolle ervaring in dié verband opgedoen. Die oorskakeling na aanlyn en hibriediese vergaderings via Microsoft (MS) Teams het aansienlike tyd- en kostebesparings meegebring danksy minder reis- en verblyfbehoeftes sowel as drukkoste. Die Raadsaal en komiteekamer in Admin B op Stellenboschkampus is permanent met die vereiste elektroniese infrastruktuur toegerus. Hierdie manier van vergader het die nuwe norm vir Senaat- en Raadsvergaderings, vergaderings van die Rektooraat, die Menslike Hulpbronnekomitee, die Aanstellingskomitee van die Senaat, en die Rektooraat-en-Dekaansforum geword. Selfs die onlangse Institusionele Beplanningsforum van 10 en 11 Februarie is suksesvol op MS Teams aangebied.

1.21 Ombudbewusmakingsveldtog

Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking het in November 2020 'n geïntegreerde kommunikasieveldtog van stapel gestuur om die aandag te vestig op die belangrike rol wat die Ombud, adv Rina Meyer, vervul om goeie oorsigbestuur by die Universiteit te verseker. Die veldtog het ingesluit:

- die herontwerp van die [Ombud-webtuiste](#) om met die US-handelsmerk te strook;
- 'n vraag-en-antwoordtipe artikel op die US se korporatiewe webtuiste en sosialemediaplatforms;
- 'n banier na die Ombud se webtuiste op die US-tuisblad;

- 'n [podsendingsonderhoud](#); en
- inligtingsbrokkies oor die Ombud se rol in die weeklikse nuusbrieff info@StellenboschUni en op die US se sosialemediakanale.




1.22 2020, die Jaar vir Persone met Gestremdhede

Die US het 2020 tot die Jaar vir Persone met Gestremdheid verklaar en hom daartoe verbind om 'n aantal geleenthede aan te bied om die Universiteit se toewyding aan gestremdhedsinsluiting te weerspieël. Weens COVID-19 moes baie van hierdie aktiwiteite uiteindelik aanlyn plaasvind. Dit het ingesluit die publikasie van artikels oor personelede en studente se ervarings, die aanbieding van 'n vlagskipseminaar om die jaar te gedenk, 'n geleentheid oor die etiekkode vir SA Gebaretaal-tolke, en 'n studente-ervaringseminaar.

Die hoogtepunt van die program was die **AfriNEAD-konferensie**, wat op 1 en 2 Desember in vennootskap met die Sentrum vir Rehabilitasiestudies in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aangebied is. Die doel was om vir 'n oomblik stil te staan en oor gestremdhedsinsluiting by die US na te dink ten einde sterkpunte en leemtes uit te wys.

Die Universiteit se sterkpunte op gestremdhedsgebied sluit in:

- duidelike beleide oor die onderwerp;
- die wil om studente en personelede met gestremdhede te ondersteun;
- die kernrol wat die Eenheid vir Gestremdhede vervul, onder meer deur hulpptegnologieë;
- die akademiese steun- en mentorskapsaanbod aan studente met gestremdhede om hulle leiersvaardighede te help ontwikkel; en
- die US se betrokkenheid by sosiale impak en finansieringsteun.



Die leemtes wat uitgewys is, is:

- dat studente met gestremdhede tussen die res van die studentegemeenskap "verdwyn" omdat hulle slegs 1,32% van alle studente uitmaak;
- personeel se onvoldoende kennis en begrip van gestremdhede;
- studente se geneigdheid om nie betyds die gepaste hulp te vra nie;
- onvoldoende kampuskultuur en -houdings wat steun vir studente en personelede met gestremdhede betref;
- die behoefte om gestremdhedsake as deel van die transformasiestrewte te bestuur; en
- die gebrek aan praktiese uitvoering van beleid, en aan die menslike en ander hulpbronne om dít moontlik te maak.

TEMA 2: 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) lui soos volg oor 'n transformerende studente-ervaring: “Met hierdie voorneme wil ons toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as 'n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Dit behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

2.1 Verwelkomingsprogram

Die US se Verwelkomingsprogram vir nuwelingeerstejaarstudente word gewoonlik oor 'n tydperk van twee weke voor die formele aanvang van die akademiese jaar aangebied. Die program het wél vanjaar plaasgevind, maar moes aangepas word om aan COVID-19-protokolle te voldoen. Sommige geleenthede is dus van aangesig tot aangesig aangebied, en ander aanlyn.

Die groot verwelkomingsplegtigheid wat gewoonlik by die Danie Craven-stadion gehou word, is met twee geleenthede vervang. Eerstens het nuwe studente vlae by die stadion geplant as 'n simboliese handeling om hulle kleim af te steek as pioniers van die nuwe era wat ons betree het. Hulle het in klein groepe te werk gegaan om die verspreiding van die koronavirus te keer. Tweedens is verwelkomingstoesprake vervang met 'n aanlyn [video](#) waarin ek en die SR-voorsitter studente en hulle ouers toegesprek het.

Die video is vrygestel gedurende die US se bekende [Droomloop](#), wat ons vir die derde jaar in 'n ry aangebied het. Nuwelingeerstejaars het in groepe van 50 onderdeur 'n banier gestap wat oor Victoriastraat gespan is, en op dié manier die aanvang van hulle akademiese reis by die US gevier. Hulle het ook handgeskrewe kaartjies met hulle toekomstdrome en -strewes teen een van die bome langs Victoriastraat opgesit.

'n [Verwelkomingsblad](#) met nuttige inligting is op die Universiteit se webtuiste geskep. Nuwe studente het ook toegang tot 'n [gids vir nuwelinge](#) ontvang, wat alle tersaaklike inligting oor kampusaktiwiteite, onder meer oor die nakoming van COVID-19-protokolle, bevat het.

In Februarie 2021 het ons ook die nuwe aanlyn [inskakelingsprogram](#) vir voorlopig aanvaarde eerstejaars bekend gestel. In daardie stadium het studente nog angstig op die vrystelling van die matriekuitslae gewag, wat vertraag is weens die impak van COVID-19 op die skoolstelsel. Die inskakelingsprogram is 'n fantastiese inisiatief en bied voornemende studente alles wat hulle oor die US moet weet, op 'n toeganklike manier op SUNLearn, waar hulle heelwat tyd sal deurbring wanneer hulle eers as US-studente geregistreer is.

2.2 Impak van COVID-19 op studente met gestremdhede

Die pandemie en inperking, en die US se oorskakeling na noodafstandsleer, -onderrig en -assessering (ERTLA), het sowel positiewe as negatiewe implikasies vir studente met gestremdhede gehad. Aan die **positiewe** kant is die volgende opgemerk:

- Studente wat geneig is om met klasbywoning te sukkel, byvoorbeeld weens erge angs of siekte, het dit veel makliker gevind om in die gerief van hulle kamers of blyplekke te werk.
- Sommige studente geniet die geleentheid om hulle eie tyd te bestuur. Aangesien medisyne soms uitwerk wanneer studente nog moet konsentreer, het die buigsame tye van afstandsleer hulle in staat gestel om op optimale tye te werk.
- Die universele ekstra tyd wat alle studente ontvang het, en die algemene buigsamheid ten opsigte van assesserings, het alle studente, waaronder studente met gestremdhede, se potensiaal geoptimaliseer.

- Baie het die moontlikheid van 'n A4-assessering in Januarie 2021 as positief ervaar.
- Lesingopnames het studente in staat gestel om 'n tweede en derde keer te gaan luister, veral dove studente en diegene wat langer tyd nodig het om inligting te verwerk.
- Danksy bykomende finansiering van die Michael & Susan Dell-stigting en FNB kon die US ad hoc-personeel aanstel om studente met gestremdhede sterker in die aanlyn omgewing te ondersteun.


Uitdagings wat uit die nuwe leeromgewing spruit, sluit die volgende in:

- Sommige studente met gestremdhede sukkel om lesingopnames te verstaan sonder toegang tot klasverduidelikings. Waar slegs opnames beskikbaar is, veral van moeilike inhoud, is dit vir party studente moeilik om te volg, en is dit nie altyd moontlik om vrae te vra nie.
- Baie studente wat navorsingsdata van die bedryf of ander navorsingsterreine vereis het, kon dit nie bekom nie, veral gedurende die streng inperking. In sulke gevalle moes hulle studie verleng word.
- Die onvermoë om gedurende vlak 5 van die inperking fisiese biblioteekmateriaal in die hande te kry, het sommige studente se toegang tot noodsaaklike tekste belemmer.
- Teen die aanvang van die inperking was die jaarlikse verspreiding van hulptegnologieë (sien afbeelding hieronder) nog nie afgehandel nie. Gevolglik het sommige studente hulle tegnologieë later as vorige jare ontvang. Boonop was opleiding in hulpsagteware, wat gewoonlik van aangesig tot aangesig geskied, nie dié keer moontlik nie. 'n Hibriediese opleidingstelsel word tans oorweeg.
- Sommige studente met neuro-ontwikkelingsgestremdhede het dit moeilik gevind om by die gebrek aan struktuur aan te pas, en het die oorskakeling na ERTLA as ontwrigtend ervaar.
- Heelwat aansoeke om ekstra skryftyd is vir sowel die Junie- as die November-eksamens ontvang namate studente al hoe angstiger begin word het oor die impak van aanlyn leer op hulle studie. Aanlyn assesserings het sommige studente se angsvlakke verder verhoog.

2.3 Studenteterugvoer oor ERTLA

Altesaam **4 899 studente** in **366 modules** het aan die einde van die tweede semester van 2020 aanlyn studenteterugvoer gebied. Dít het deur middel van vraelyste geskied.

Studente het hulle dank uitgespreek vir hoe die Universiteit by die nuwe aanlyn onderrigomgewing aangepas het, en vir dosente se duidelike en goed beplande lesings. Hoewel die meeste studente oënskynlik waarde geput het uit aanlyn leervideo's, het hulle in die algemeen steeds 'n voorkeur vir kontakleer uitgespreek.



2.4 Assesserings

Die verantwoordelikhedsentrum (VS) van die Registrateur het in Januarie 2021 die **A4-assesserings vir 5 194 studente** in alle fakulteite met welslae gekoördineer. Dít het ingesluit die ontwikkeling van die eksamenrooster en die beskikbaarstelling van individuele of kleingroepsteun vir studente in die Ikusasa-finansiëlehulpprogram (ISFAP).

Die VS het voorts die terug-kampus-toe-permitstelsel ontwikkel vir die verwerking van studente se versoeke om vir klasse en eksamens terug te keer. Daarbenewens het hulle 'n digitale platform

ontwerp waarop vraestelle sowel as aanlyn opleidingsmateriaal vir buitekampustoesighouers gelaai kan word.

2.5 Registrasie 2021

Die verantwoordelikhedsentrum van die Registrateur het hersiene registrasie-inligting en -prosedures opgestel en aan alle terugkerende en voornemende studente gestuur. Dié prosedures het, benewens registrasie op kampus, ook vir aanlyn en e-posregistrasie voorsiening gemaak om die risiko's verbonde aan die COVID-19-pandemie te beperk.

Die Afdeling Studentegelde, die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings en die SR het gereeld gesprek gevoer om registrasievertragings weens studieskuld die hoof te bied. Akademiese departemente is aangemoedig om akademies kwalifiserende studente toegang tot die SUNLearn-platform en modules vir 2021 te bied sodat hulle kan bybly met werk tot tyd en wyl hulle kan registreer.

'n Opvolgveldtog is van stapel gestuur om niegeregistreerde studente te kontak, na die tersaaklike steunstrukture te verwys, of oor registrasie te adviseer.

Daarbenewens het die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool met Regsdienste saamgewerk om die stawing van voornemende studente se kwalifikasies en uitslae te stroomlyn.

Die Universiteit het sy registrasietydperk tot 26 Maart 2021 verleng, in pas met die nasionale versoek én weens NSFAS-finansieringsvertragings.




2.6 Webtuiste oor registrasie en studiegeld

'n Nuwe [webtuiste oor registrasie en studiegeld](#) is bekend gestel om nuweling- én terugkerende studente gebruikervriendelike inligting oor die registrasieproses, studiegeld en finansiering te bied. Skakels na die nuwe webtuiste is wyd op die US se sosialemediakanale versprei. Sedert dit in Desember 2020 in werking getree het, het die webtuiste al meer as 90 000 besoeke ontvang.

2.7 Inskrywings

Die amptelike registrasietydperk vir 2021 het op 26 Maart ten einde geloop. Voorgraadse inskrywingstatistieke – wat nuwelingeerstejaars (NE's) insluit – word hieronder saamgevat. Sodra finale registrasiesyfers verreken is, sal 'n vollediger weergawe op die [webtuiste van die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur](#) geplaas word, saam met 'n magdom ander institusionele data.)

Nuwelingeerstejaarsinskrivings (buiten Fakulteit Krygskunde)



2021: Werklike totale getal NE-inskrywings 6,2% minder as Junie-mikpunt



Werklike totale getal NE-inskrywings vir vanjaar 1,2% minder as in 2020



2021: Werklike getal BSIA-NE-inskrywings 17,0% minder as Junie-mikpunt





Werklike getal BSIA-NE-inskrywings vir vanjaar 3,3% minder as in 2020



2021: Werklike getal wit of ander NE-inskrywings 1,3% meer as Junie-mikpunt



Werklike getal wit NE-inskrywings vir vanjaar dieselfde as in 2020






2021: Werklike % BSIA 4,7 persentasiepunte laer as Junie-mikpunt



Afrikaans styg met 1 persentasiepunt van 2020 tot 2021

Voorgraadse (VG) inskrywings (buiten Fakulteit Krygskunde)



3,7% styging in getal VG inskrywings van 2020 tot 2021 (8,3% toename in BSIA)



BSIA styg met 1,7 persentasiepunte, van 37,3% in 2020 tot 39,0% in 2021



Xhosa en ander SA tale (buiten Afr en Eng) styg met 1,1 persentasiepunte van 2020 tot 2021

2.8 SciMathUS 20 jaar oud

SciMathUS vier vanjaar sy 20^{ste} bestaansjaar. Die program bied jaarliks 100 leerders wat graad 12 geslaag het, maar nie vir hoëronderwyskeuring kwalifiseer nie, 'n geleentheid om hulle Nasionale Senior Sertifikaat-uitslae in Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Rekeningkunde te verbeter. Dít stel hulle in staat om weer om universiteitsprogramme, veral dié op die gebied van wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde, aansoek te doen.

Die 20-jaarmylpaal sal op 'n aantal maniere gevier word, onder meer deur die aanlyn veldtog #ChangingLives. Die doel is om te sorg dat SciMathUS, met ál sy belanghebbendes se ondersteuning, vir die volgende twee dekades voortgaan om studente selfs méér geleenthede te bied om hulle volle akademiese potensiaal te verwesenlik.

2.9 Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP)

Die eerste kohort van 11 US-studente in die Ikusasa-finansiëlehulpprogram (ISFAP), wat in 2018 by die US tot stand gebring is, het in 2020 hulle BRek-grade verwerf.

Die volgende kohort van tien eerstejaars het aan die einde van Januarie 2021 die aanlyn program Universiteitsvaardighede 101 voltooi. Die US se Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap (SSEOB) en die ISFAP-kantoor het dié program spesiaal vir ISFAP-nuwelinge saamgestel. Dit is 'n geakkrediteerde kortkursus, en dus word suksesvolle voltooiing daarvan op studente se akademiese transkripte aangedui. Die ISFAP-kursus is ook vir 2021 by die US se nuwe aanlyn inskakelingsprogram vir alle eerstejaarstudente ingesluit.


Daarbenewens het die 61 ISFAP-derdejaars aan die einde van Februarie die aanlyn finalejaarstudenteprogram van die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling en die ISFAP-kantoor voltooi. Ook hierdie program is 'n geakkrediteerde kortkursus en word op studente se akademiese transkripte weergegee.

2.10 Eenheid vir Gelykwaardigheid

Bewerings van teistering en onbillike diskriminasie bly 'n kommerwekkende kwessie, wat vererger word deur 'n toenemende getal aantygings wat in die openbaar op sosiale media gemaak word.

Noudat die soeklig al hoe sterker op geslagsgebaseerde geweld val, het studente ook hulle frustrasie daarvoor uitgespreek dat hulle nie behoorlik van saakuitkomstige ingelig word nie. Uitkomstige van klagtes wat ingedien is, moet ongetwyfeld gekommunikeer word om die groter kampusgemeenskap en hulle behoefte aan inligting te bevredig (veral as die klagte wyd bekend gemaak is). Nietemin moet kommunikasie ook versigtig geskied om nie die betrokke partye se regte te skend nie.

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het teen die einde van 2020 'n aanlyn bewusmakingsveldtog oor die belang van verantwoordelike en verantwoordbare sosialemediagebruik aangebied (sien uittreksels hieronder).



Daarbenewens het die Viserektor: Leer en Onderrig teen die einde van verlede jaar bykomende menslikehulpbronsteun aan die Eenheid vir Gelykwaardigheid toegestaan. Die twee nuwe **permanente poste van koördineerder van projekte teen geslagsgeweld en steunbeampte vir gevalleondersoeke** sal die implementering van die nasionale Beleidsraamwerk insake Geslagsgebaseerde Geweld in die Naskoolse Onderwys- en Opleidingstelsel ondersteun. Boonop sal dit wyer dienslewering aan die US-gemeenskap moontlik maak.

Laastens is 'n **beheerkomitee teen geslagsgebaseerde geweld** in November 2020 in die Afdeling Studentesake geskep om sterker leierskap en momentum aan ons werk teen geslagsgeweld te verleen.

2.11 Geestesgesondheid van US-studente

Die US het in die laaste paar maande van 2020 op tragiese wyse twee studente aan selfdood verloor. As 'n voorkomingstrategie vir die nuwe akademiese jaar, sal ons voor die begin van die eerstesemestereksamen twee **bewusmakingsveldtogte oor selfdoodvoorkoming** aanbied.

Die getal individuele **psigoterapiesessies** by die Sentrum vir Studentevooringligting en -ontwikkeling (SSVO) het in die laaste kwartaal van 2020 die hoogste ingeskiet. 'n Verstommende 820 sessies is in 'n enkele maand aangebied.

Die aanlyn vaardigheidsgroepe vir depressie en angs, wat aan die begin van die inperking bekend gestel is, is die hele jaar deur goed benut. Trouens, dié groepe was so gewild onder studente dat ons vir die grootste deel van 2020 twintig groepe gelyk bedryf het. Studente het reeds teen Januarie 2021 begin navraag doen oor wanneer die groepsessies weer begin.

2.12 Voedselsekerheid

Altesaam **666 studente** (23 van Tygerberg en 643 van Stellenbosch) het in die laaste kwartaal van 2020 kosbystand van die Move4Food-fonds en die Nagraadse en Internasionale kantore ontvang.

Daarbenewens is **46 studente** gedurende die A4-assesserings in Januarie 2021 met kostoelaes uit die Move4Food-fonds bygestaan. Alle NSFAS-studente wat A4-assesserings geskryf het, het kostoelaes van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ontvang, wat deur die US se Sentrum vir Beurse en Lenings geadministreer is.

2.13 Kursus oor buitelandse studie

US Internasionaal se Global Education Centre (GEC) het gedurende 2020 die kortkursus “Study Abroad for Global Learning” ontwikkel. Die eerste aflewering word tans aangebied vir US-studente wat aan ’n semesteruitruilgeleentheid deelneem. Dit bestaan uit tien sessies en word deur GEC-personeellede aangebied.

Die kortkursus ondersteun globale leer, moedig studente aan om **internasionale ambassadeurs vir die US en Suid-Afrika** te wees, en help hulle met die kompleksiteite daarvan om in ’n vreemde land te woon en te studeer. Onderwerpe wat behandel word, sluit in interkulturele kommunikasie, sosiale geregtigheid, en persoonlik en emosioneel intelligente leierskap, en dek die ganse lewensiklus van buitelandse studie, van voor studente se vertrek totdat hulle weer by die lewe op Stellenbosch inskakel.

Hoewel die kursus tans ten volle aanlyn aangebied word, is die plan om voortaan ’n hibriede onderrigbenadering te volg. Sommige sessies sal dus van aangesig tot aangesig aangebied word en ander aanlyn om studente aan te hou ondersteun terwyl hulle in die buiteland is.

2.14 TübingenSA-uitruilprogram

Die Tübingen–Suid-Afrika-program, wat deur die Eberhard Karls Universität Tübingen (Duitsland) en die US gekoördineer word, word al sedert 2000 aangebied. Hierdie uitruilprogram bied studente van Suider-Afrika die geleentheid om aan die Duitse kultuur en taal blootgestel te word. Studente bring gewoonlik ’n maand in Tübingen deur, waar hulle aan ’n sorgvuldig saamgestelde aktiwiteitsprogram deelneem.

Aangesien dit onmoontlik was om in 2020 na Duitsland te reis, is die program in ’n twee weke lange virtuele uitruilbesoek omskep. Tien studente van die Suider-Afrikastreek het deelgeneem, waaronder vyf van die US. Dit was een van die eerste aanlyn kort virtuele uitruilgeleenthede wat die US saam met ’n internasionale vennoot aangebied het.

2.15 ReadTheory

Die Taalsentrum se Leeslaboratorium het by die aanvang van 2021 ’n nuwe aanlyn instrument vir die ontwikkeling van leesbegrip begin implementeer. Die ReadTheory-instrument vervang LAB-on-line as ’n praktieser langtermynoplossing om soveel moontlik studente ’n geleentheid te bied om hulle akademiese leesvaardighede te ontwikkel. Die fakulteite Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe en Regsgeleerdheid, en departemente in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sowel as Lettere en Sosiale Wetenskappe, sal ReadTheory voortaan in hulle bestaande modules oor akademiese geletterdhede en professionele kommunikasie opneem.

2.16 Eerste aanlyn Intensive English-plasingstoets

Voor die COVID-19-pandemie was studenteplasing vir die Intensive English Programme (IEP) tydrowend en ingewikkeld. ’n Nuwe aanlyn plasingstoets het egter nou die aansoek- en betaalproses vir internasionale studente wat vir die IEP wil inskryf aansienlik gestroomlyn.

Die nuwe proses maak dit moontlik om aansoekers vooraf te registreer, wat duideliker kommunikasie bewerkstellig, verwagtinge bestuur, en in die geheel 'n beter studente-ervaring bied. Die aanlyn plasingstoets word bedryf op die [splinternuwe Taalsentrumwebtuiste](#), wat op 3 Februarie in werking gestel is.

2.17 Studentekeuring in FGGW

Die Sentrum vir Studenteadministrasie op Tygerbergkampus het die bywerking van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) se voorgraadse keuringsriglyne gefasiliteer. Die riglyne plaas nou sterker klem op die gebruik van die **sosio-ekonomiese status-** (SES-)faktor in die keuringsproses. Daarbenewens sal die FGGW die eerste fakulteit van sy soort wees om die internasionaal bekende **omstandighedsbeoordelingstoets** ("SJT's") te gebruik om 'n keuringsfaktor vir voorgraadse studente te ontwikkel. Die SJT's vereis dat kandidate beskryf hoe hulle op sekere werkspesifieke dilemmas sou reageer, en toets sodoende hulle besluitnemingsvermoëns.

2.18 FVZSI word tien

Die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut (FVZSI) vir Studenteleierskapsontwikkeling sal op 29 Maart 'n aanlyn tiende verjaardagviering in samehang met sy prestigeryke jaarlikse FVZS-gedenklesing aanbied. 'n Opwindende program sal hulde bring aan wyle US-kanselier dr Frederik Van Zyl Slabbert se werk, en terselfdertyd studentesukses vier. Die Instituut sal ook van die geleentheid gebruik maak om oor sy groei en ontwikkeling die afgelope dekade te besin.

Die US se emeritus professor Albert Grundlingh het vroeër vanjaar **Slabbert: Man on a Mission**, 'n biografie oor prof Van Zyl Slabbert, uitgegee.

2.19 Alumnusprestasie

US-alumna **dr Monique Nsanzabaganwa** het onlangs die Afrika-unie (AU) se eerste vroulike ondervoorsitter geword. Sy het 'n magister- en 'n doktorsgraad in die Ekonomie aan die US se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe verwerf.

Sedert haar verkiesing is dr Nsanzabaganwa, hoof van AU-hervorming, verantwoordelik vir die AU-kommissie se finansiële en administratiewe bestuur, wat sowel ekonomiese as politieke kundigheid vereis. ([Klik hier](#) vir verdere inligting.)



2.20 Studente-atleet vir Kobras gekies



Nadat hy genooi is om saam met die Six Gun Grill Kaapse Kobras te oefen, het Benjamin Ward (**foto links**), 'n derdejaarstudent in die program BEd (Grondslagfase-onderwys), in Januarie 2021 sy debuut in die Momentum-eendagwedstryd gemaak. Ward het hom in 2019 as 'n eerstejaarstudent en bybreekbouler by Maties Krieket se hoëprestasiespan aangesluit, en is daardie selfde jaar vir Maties Krieket se Varsity Sport-span gekies. Hy het sy internasionale debuut in Junie 2019 gemaak toe hy vir Jersey International teen Guernsey uitgedraf het in die Europese kwalifiserende rondte vir die ICC T20 Wêreldbeker. Ward het tot dusver 14 T20I-wedstryde vir Jersey International gespeel. Hy het ook in Februarie 2020 in die eendagkragmeting sy A-lysdebuut vir Krieket Boland gemaak.

2.21 Studente-atlete hoop om Olimpiese drome te bewaarheid

Noudat die Olimpiese Spele in Tokio die groen lig gekry het (23 Julie tot 8 Augustus), staan **13 US-studente-atlete 'n kans om ingesluit te word** by Suid-Afrika se nasionale span wat in Japan sal meeding. Maties Sport het vier aanspraakmakers op keuring vir die Olimpiese Spele, en nege vir die Paralimpiese Spele.

2.22 Loopbaanadvies vir voornemende studente

Die span raadgewers en sielkundiges in die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies staan voornemende studente en hulle ouers by met raad oor studie- en loopbaankeuses. Die span het in die verslagtydperk **97 aanlyn adviessessies** en **78 psigometriese assesserings** (sowel aanlyn as op kampus) onderneem.

TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie kern strategiese tema word soos volg bespreek in ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#): “As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As 'n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk** met **belanghebbendes**, die **gemeenskappe** wat ons bedien, die **bedryf**, die **regering** en ons **universiteitsvennote** in **plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid.”

3.1 Telematiese Skole-projek

Die Telematiese Skole-projek het in 2020 sy voetspoor uitgebrei, en is nou **landwyd** aan die werk. Benewens 100 uur se regstreekse uitsendings, het die projek sy getal lesse en steuninisiatiewe verhoog om leerders gedurende die pandemie sterker te ondersteun. 'n Uitsers suksesvolle hersieningsprogram vir graad 12's is bekend gestel, sowel as 'n gratis webtuiste.

Die aanbod is in Februarie 2021 verder uitgebrei met 'n hersieningsprogram vir graad 11's en steun vir onderwysers om video's te vervaardig en te redigeer.

Bykomende leerdersteun konsentreer op COVID-19-streshanteringsvaardighede, tydbestuur, groepsdruk en studievaardighede. Boonop word 'n regstreekse aanlyn werksessie vir opvoeders beplan om hulle die uitdagings verbonde aan die pandemie te help oorbrug. Die Telematiese Skole-projek – 'n gesamentlike inisiatief van die US en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement – is benoem as 'n finalis in 'n nasionale innovasiewedstryd van die regering.

3.2 ANIME-netwerk

Die Universiteit van Straatsburg (Frankryk) het die US genader om 'n stigterslid van die **Akademiese Netwerk vir Inklusiwiteit, Meertaligheid en Uitnemendheid (oftewel ANIME)** te word. Die netwerk bring universiteite byeen wat oor soortgelyke waardes beskik en na inklusiewe uitnemendheid, meertaligheid en 'n oopheid jeens die burgerlike samelewing streef.

Afgesien van die gesamentlike ontwikkeling van sterk en inklusiewe dissiplinêre en interdisiplinêre navorsing en opleiding op 'n internasionale vlak, bevorder die netwerk ook kulturele diversiteit, wat ontvanklikheid vir die Franse kultuur en taal insluit.

Die US is versoek om ANIME-werkgroep 3, oor inklusiewe uitnemendheid, te koördineer.

3.3 Africa-vennootskappe en -netwerke

Die **AUDA-NEPAD Sentrum van Uitnemendheid in Wetenskap, Tegnologie en Innovasie** is tot stand gebring as 'n driepartyvennootskap tussen die Afrika-unieontwikkelingsagentskap NEPAD (AUDA-NEPAD), die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en die US. By 'n aanlyn werksessie op 1 Desember 2020 het oor die 140 verteenwoordigers van die drie vennote meer as 40 aanvanklike tegnologieë en innovasies uitgewys waaraan die sentrum sy steun kan toesê.

US Internasionaal dien as gasheer vir die sekretariaat van **Periperi U**, 'n netwerk universiteite oor die hele Afrika wat ramp- en risikobestuur op die vasteland wil verbeter. Periperi U het met die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram saamgewerk om die aanlyn kortkursus "COVID-19 recovery needs assessment and recovery planning" van stapel te stuur. Die opleiding help bou streeksvermoë om COVID-19-verwante uitdagings die hoof te bied. Die eerste aflewering van die kortkursus is van 17 tot 20 November 2020 vir 37 belanghebbendes uit die akademie in die streek aangebied. Deelnemers aan die tweede aflewering van 1 tot 4 Desember 2020 was hoofsaaklik uit die staatssektor. Verteenwoordigers van die Afrika-jeugadviesraad is ook genooi om aan albei aanbiedinge deel te neem. Die twee kursusse is deur middel van intydse tolking in sowel Frans as Engels aangebied.

Die **Vereniging van Afrika-universiteite (AAU)** het Afrika-universiteitsdag op **12 November 2005** ingestel om die totstandkoming van die AAU op dié dag in 1967 te herdenk. Sedertdien word Afrika-universiteitsdag deur hoërsonderwysinstellings oor die hele vasteland gevier, waaronder die US. Om die dag in 2020 te gedenk, het die US twee aanlyn geleenthede oor volhoubare Afrikavennootskappe aangebied. Die US se prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, het die meer as 70 deelnemers verwelkom, terwyl prof Barnabas Nawangwe, Visekanselier van Makerere-universiteit, Uganda, sy instelling se perspektiewe aangebied het. Ses US-kollegas het ook oor hulle ervarings van samewerking met ander Afrika-universiteite gesels.

Ek het op 13 November in samewerking met US Internasionaal se Africa Centre for Scholarship (ACS) 'n aanlyn **tafelrondegesprek** met 'n paar uitgesoekte leiers en akademiëci van vennootinstellings aangebied. Die doel was om te bespreek watter benaderings universiteite volg en oorweeg om navorsingsvermoë en akademieskap op die vasteland te ontwikkel, en om na te dink oor hoe Afrika-akademieskap deur volhoubare vennootskappe versterk kan word. Sprekers wat by my aangesluit het, was prof Folasade Ogunsola (Universiteit van Lagos, Nigerië), Elizabeth Gachenga (Strathmore-universiteit, Kenia), Edward Kiramiru (STIAS, Stellenbosch) en Tony Onwuegbuzie (Universiteit van Cambridge, VK). Die uitkomst van die gesprek sal die aktiwiteite van die ACS se inisiatief vir ontluikende akademiëci rig.

3.4 Internasionale Netwerk van Universiteite

Die US is sedert Desember 2020 deel van die Internasionale Netwerk van Universiteite (INU). **Prof Hester Klopper** en **me Anisa Khan** (bestuurder van Vennootskappe en Internasionaliseringsteun by US Internasionaal) verteenwoordig die Universiteit in INU se akademiese raad.

Die doel van die netwerk is om 'n wêreldwye platform te skep waar lede kan saamwerk om transformerende ervarings te bied wat internasionale skakeling tussen studente, akademiëci en personele bevorder. Die US is die enigste INU-vennoot van Afrika.

Die netwerk het in Februarie 2021 'n aanlyn opleidingsgeleentheid vir twee US-akademiëci, onderskeidelik van die fakulteite AgriWetenskappe (Voedselwetenskap) en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (Verpleeg- en Verloskunde), aangebied. US-personeel en -studente kon ook van Januarie tot Maart aan 'n aantal webinare oor die ontwikkeling van interkulturele

vaardighede deelneem. Die US het boonop ingestem om INU-medelid Kingston-universiteit (Londen) in Maart met die bekendstelling van hulle program oor wêreldburgerskap by te staan.

3.5 Akademiese konsortium van 21 (AC21)

Die US is weer in die beheer Komitee van die **Akademiese Konsortium van 21** (AC21) verkies. Ander beheer Komitee lede is die Universiteit van Nagoya (Japan), die Universiteit van Straatsburg (Frankryk), Noord-Carolina-staatsuniversiteit (Verenigde State), die Universiteit van Nanjing (China) en die Universiteit van Freiburg (Duitsland).

Die US het in 2020 aan drie AC21-projekte deelgeneem wat uit die konsortium se spesialeprojekfonds gefinansier is. Die projekte het gehandel oor:

- natuurlike produkte vir gesonde veroudering: van molekulêre teikens tot terapie, saam met die universiteite van Straatsburg en Adelaide (Australië);
- die voorkliniese ontwikkeling van antimikrobiese peptiede, saam met die universiteite van Minnesota (Verenigde State) en Freiburg; en
- 'n oorsig van regerings en ekonomiese ontwikkeling deur die geskiedenis, en in die besonder die studie van kolonialisme, onafhanklikheid en ontwikkeling, saam met die universiteite van Adelaide, Minnesota en Straatsburg, en met prof Johan Fourie van die US se Departement Ekonomie as projekkoördineerder.

Verskeie US-personeellede het ook van 7 tot 9 Desember 2020 aan die aanlyn AC21- internasionale forum deelgeneem. Die geleentheid, wat deur Kasetsart-universiteit in Bangkok, Thailand, aangebied is, het ondersoek ingestel na nuwe maniere waarop die hoër onderwys die uitdagings van wêreldwye verandering die hoof kan bied.

3.6 Suid-AfrikaSwede-universiteitsforum

Die eerste fase van die Suid-Afrika–Swede-universiteitsforum (SASUF) het in 2020 ten einde geloop. Die US is sedert 2018 'n aktiewe lid van dié netwerk. US Internasionaal het aanbeveel dat ons **deel bly van SASUF**.

Fase 1 van SASUF het in 2017 begin, en het samewerking tussen 37 universiteite in Swede en Suid-Afrika behels met die oorhoofse doel om navorsings-, onderwys- en innovasiebande tussen die twee lande te versterk. Dertien US-navorsers het saam met hulle eweknieë in Swede projekfinansiering bekom. Elke projek het R160 000 vir gesamentlike navorsingsontwikkeling ontvang. Die afsluitingskonferensie sou in Swede plaasvind, maar is weens die wêreldwye pandemie uiteindelik aanlyn aangebied.

Ek en prof Klopper het ook 'n SASUF-leierskapsberaad bygewoon, wat die laaste stap was om 'n ooreenkoms vir voortgesette samewerking oor die volgende drie fases van die projek op te stel. Hierdie volgende fases sal samewerking oor die dekade tot en met 2030 uitsprei om die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte verder te bevorder.

3.7 Sosiaalwetenskaplike universiteitsnetwerk

Die US se lidmaatskap van die SSUN, die sosiaalwetenskaplike universiteitsnetwerk, het in die verslagtydperk verdere geleenthede vir kennisuitruiling met buitelandse vennote gebied.

Die SSUN word deur LUISS (Rome) en Renmin-universiteit (China) gekoördineer. Ander lede is die Noorweegse Bestuurskool, El Collegio de Mexico, die Europese Universiteitsinstituut (Italië), Fundação Getulio Vargas FGV (Brasilië), die Nasionale Navorsingsuniversiteit vir Hoër Ekonomiese Studie en MGIMO-universiteit (albei van Rusland), Koç-universiteit (Turkye), LMU München

(Duitsland), Prins Sultan-universiteit (Saoedi-Arabië), die Universiteit van Tilburg (Nederland) en die Universiteit van Ghana.

Renmin-universiteit het in November en Desember 2020 [vier webinare](#) aangebied oor temas wat met kunsmatige intelligensie verband hou. Die US is deur **prof Bruce Watson** (Inligtingwetenskap) en **prof Gert-Jan van Rooyen** (Ingenieurswese) verteenwoordig.

3.8 Internasionale universiteitsdorpnetwerk

As gasheer van die sekretariaat vir die internasionale Universiteitsdorpnetwerk, het die US in Januarie sy eie Universiteitsdorpforum gestig om doeltreffender samewerking en beter doelwitbelyning oor die hele instelling teweeg te bring. Die einddoel is om die US se skakeling met die burgerlike samelewing, sakesektor en die bedryf te versterk en te ondersteun.

Die US het die Universiteitsdorpnetwerk aan die einde van 2018 by die eerste universiteitsdorpkonferensie op Stellenbosch aangevoer. Die 13 lidinstellings van oor die hele wêreld ondersteun mekaar deur strategieë uit te ruil oor hoe universiteite 'n positiewer rol in hulle plaaslike omgewings kan vervul. Die netwerk het in 2020 as 'n praktykgemeenskap na die kuberruim verskuif en twee keer, onderskeidelik in Julie en November, ontmoet.

Die Universiteitsdorpforum sal by hierdie internasionale praktykgemeenskap inskakel deur meer betekenisvolle inhoudsbydraes en praktykuitruiling deur die US moontlik te maak. Die huidige lede van die forum is dr Leslie van Rooi (senior direkteur van Sosiale Impak en Transformasie), **mnr Robert Kotze** (senior direkteur van US Internasionaal), **me Anisa Khan** (bestuurder van Internasionale Vennootskappe en Internasionaliseringsteun) en **me Lidia du Plessis** (koördineerder van Personeelmobiliteit en Vennootprojekte).

3.9 US Woordfees

Die **Toyota US Woordfees** word van **17 tot 24 September 2021** aangebied. Aangesien die fees nie vanjaar in die tradisionele Maart-gleuf plaasvind nie, help die Woordfees weer lewe blaas in die uitvoerende kunstegemeenskap deur gedurende die eerste semester twee ander geleenthede aan te bied. Een daarvan is die Take-a-STAND-gespreksreeks, wat oor die naweek van **19–21 Februarie** plaasgevind het. Die verskillende gespreksessies het uit diverse stemme uit die dans- en teatersektor bestaan, wat oor verskeie uitdagings en sosiale kwessies in die uitvoerende kunste gesels het. Dit is aangebied in samewerking met die Sustaining Theatre and Dance- (STAND-)stigting. Die gesprekke, met plek vir 50 gaste elk, het aan alle COVID-19-protokolle voldoen en alle sessies is ook regstreeks oor die internet uitgesaai.

Die **WOW- (Woorde Open Wêreld-)projek** het gedurende 2020 ander maniere gekry om studente en skole te ondersteun. Altesaam 62 skole het van die WOW Google-klaskamers gebruik gemaak, wat ekstra klasse en bykomende steun aan leerders in graad 11 en 12 voorsien het. Nuwe projekte vir 2021 sluit in die vennootskap met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement in Atlantis, die aanbieding van die Year Beyond-projek in sewe skole, samewerking met stemkunstenaars om voorgeskrewe letterkunde vir graad 12's op te neem, en die aanbieding van virtuele leeskringe in 18 hoërskole.

Meer as 50% van die **US Koor** vir 2021 is nuwe lede. Die koor is genooi om aan *Britain's Got Talent* 2021 deel te neem, maar moes die uitnodiging weens die pandemie van die hand wys.

3.10 Gesondheidsvennootskappe

Danksy 'n diensvlakooreenkoms met die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid om die bestaande dienste van KGD se program vir reprodktiewe gesondheid uit te brei, kan KGD-klinieke op Stellenbosch- en Tygerbergkampus nou kitstoetse vir seksueel oordraagbare infeksies (**sien foto**

hieronder) uitvoer. Dié nuus is in Februarie aangekondig terwyl KGD gereed gemaak het om sy kondoombewusmakingsveldtog van stapel te stuur.



Daarbenewens het die Hart- en Beroertestigting Suid-Afrika (HFSA) twee geoutomatiseerde eksterne defibrillators aan KGD geskenk uit dankbaarheid vir hulle jaarlikse samewerking gedurende Hartmaand in September. Hierdie gebruikervriendelike, lewensreddende toestelle is in die biblioteke op Stellenbosch- en Tygerbergkampus geplaas. **Prof Pamela Naidoo**, uitvoerende hoof van HFSA en 'n Matie-alumna, het haar alma mater besoek om die toerusting te oorhandig.

3.11 Hoëronderwyssektor werk saam aan provinsiale herstel van COVID-19

'n Gesamentlike taakgroep van die Kaapse Hoëronderwyskonsortium (CHEC) en die Wes-Kaapse regering is tot stand gebring om bande tussen die provinsiale regering en die vier CHEC-lede (die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie, die universiteite van Kaapstad en Wes-Kaapland, en die US) te versterk.

Die taakgroep het in Februarie 2021 'n versoek uitgereik vir navorsingsvoorstelle oor hoe Wes-Kaapse universiteite, die regering en die bedryf kan saamwerk om streeksinnovasie te ondersteun. **Samewerkende innovasie** sal immers deurslaggewend wees om die provinsiale regering se herstelplan ná COVID-19 in 'n moeilike sosio-ekonomiese omgewing met erge begrotingsdruk en hoë werkloosheidsyfers te implementeer.

Die voorgestelde navorsing moet konsentreer op 'n fokusgebied wat 'n aansienlike impak op die langtermynontwikkeling van die Wes-Kaap en die implementering van die provinsiale herstelplan kan hê. Die einddoel is om 'n robuuste, volhoubare, gekoördineerde en impakryke streeksinnovasienetwerk tot stand te bring wat die hoër onderwys, die regering én die privaat sektor verteenwoordig.

3.12 Ubuntu-dialoë

Dr Marietjie Oelofsen is as programbestuurder aangestel van die Andrew W. Mellon-gefinansierde projek Ubuntu Dialogues, 'n samewerkingsinisiatief tussen die US en Michigan-staatsuniversiteit. Dr Oelofsen is 'n voormalige nadoktorale genoot van die navorsingsleerstoel in historiese trauma en transformasie.

TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Luidens [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) behels hierdie kern strategiese tema die volgende: “Die US pak hiermee 'n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die US bevorder 'n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as 'n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne 'n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hul eie leer betrek.”

4.1 Projek vir uitgebreide leerruimtes

Hoewel studente in 2021 na die kampus sal terugkeer en weer kontakklasse sal begin bywoon, bepaal COVID-19-bepenkings steeds die lesingsaalkapasiteit. Dit vereis dringende ingryping om **kontakleer na studente elders op kampus óf tuis uit te brei**.

Vir dié doel is die projek vir uitgebreide leerruimtes met 'n geskatte waarde van **R95 miljoen** van stapel gestuur om die implementering van ultrategnologiese videostromingsvermoëns na alle skeduleerbare lesinglokale te bespoedig.

Die projek is die US se manier om sy **strategie vir die digitalisering van leer en onderrig**, wat **hibridiese leer** insluit, te versnel. Die plan is om 'n **interaktiewe afstandsklaskamerervaring** te bied deur 'n onderrigmodel te skep wat **gelyktydige klas- en aanlyn leer ondersteun**.

Dosente sal met behulp van die **MS Teams**-platform kan klas gee met die **helfte** van die studente wat **fisies** bywoon. Die ander helfte sal van **elders** by die klas aansluit, wat albei groepe 'n soortgelyke leerervaring bied.

Bestaande klasstelsels sal by die MS Teams-omgewing en **SUNLearn** geïntegreer word om klank en beeld ononderbroke te versend. Sessies sal ook **opgeneem** word sodat studente later weer daarna kan gaan kyk. Die stelsel is **grotendeels geoutomatiseer**, en kontroles sal intuïtief en **gebruikervriendelik** wees om die las op dosente te beperk.

Die doel is om die meeste van die US se skeduleerbare lesinglokale teen die einde van Mei 2021 toe te rus, en die oorblywende lokale in die volgende fase.

Fasiliteitsbestuur het die ontwerp afgehandel, wat bestaan uit 'n losstaande oudiovisuele konsole wat by verskillende tipes lessenaars ingeprop kan word. Dit sal installasie standaardiseer, installasietyd in die klas verkort, en ontwirting beperk.

Vier oplossings is geïdentifiseer, naamlik:

- 'n volledige multiskermstelsel vir groot lokale;
- 'n enkelskermstelsel vir kleiner, smaller lokale;
- geringe pasgemaakte opknappings aan bestaande stelsels in lokale waar nuwe hardeware onlangs geïnstalleer is; of
- 'n mini- of bring-jou-eie-toestel- ("BYOD"-) mobiele stelsel vir baie klein of problematiese lokale.



Die programmpale vir fase 1 is voltooi. Onderhandelinge met die hoofkontraakteur, WBHO, is afgehandel, die begroting is bevestig, projekgoedkeuring is bekom vir die aanstelling van die hoofkontraakteur en konsultantespan, en hardeware is aangekoop.

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) het gekies om nié by die lesingsaalopknappings ingesluit te word nie aangesien hulle klasse reeds op 4 Januarie begin het,

wat toegang vir installasiedoeleindes bemoeilik. Nietemin is die FGGW-lokale reeds goed toegerus, en kan dit bloot in 'n latere projekfase opgeknop word.

4.2 Projek vir hibriediese leer

Nadat fakulteite verlede jaar die eerste keer versoek is om hibriediese leer- (HL-)aanbiedinge vir ontwikkeling te benoem, het werk aan nege projekte 'n aanvang geneem. Dít sluit in die **US se eerste amptelike HL-program, die Nagraadse Diploma in Strategiese Menslike Hulpbronne**, wat op **25 Januarie 2021** bekend gestel is.


'n Eerste reeks HL-leereenhede oor belangrike wiskundige begrippe vir eerstejaars is ook gesamentlik deur die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en Natuurwetenskappe ontwikkel. HL-leereenhede is interaktiewe aanlyn leerervarings wat sorgvuldig ontwerp is om studente – veral studente in die Verlengde Graadprogram – met grondliggende kennis toe te rus, en is gewoonlik op verskeie modules van toepassing.

Die tweede versoek vir HL-benoemings is in November 2020 uitgereik. Fakulteite het hul aansoeke in Februarie 2021 by die HL-beheerkomitee ingedien. Die komitee, wat sowel die akademiese as die steundienstestoomgewing verteenwoordig, sal elke benoeming aan die hand van die doelwitte van die HL-bedryfsplan beoordeel en dienoreenkomstig finansiering toeken.

4.3 US-onderriggenootskappe vir 2021–2023

Vier onderriggenootskappe vir die tydperk 2021–2023 is in November 2020 toegeken. Die ontvangers is dr Taryn Bernard (Verlengde Graadprogram, Lettere en Sosiale Wetenskappe), prof Debby Blaine (Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese), dr Gretha Steenkamp (Skool vir Rekeningkunde) en prof Susan van Schalkwyk (direkteur van die Sentrum vir Gesondheidsberoepsopvoeding). Die genootskappe erken uitnemende praktisyns en vakkundiges op die gebied van onderrig en leer. Die vier genote sal 'n geleentheid ontvang om 'n ononderbroke tydperk aan 'n onderrig-en-leernavorsingsprojek in hulle belangstellingsveld te wy, en sal in dié tyd verskeie vorme van ondersteuning ontvang.

4.4 US reik elektroniese kortkursussertifikate uit



Die US reik **sedert die middel van Februarie** amptelik gewaarmerkte elektroniese kortkursussertifikate uit. Dit sal hoë koerierkoste uitskakel, keer dat sertifikate wegraak, en baie van die logistieke en administratiewe aspekte met betrekking tot sertifisering vergemaklik.

Die proses, wat in April 2020 aangevoer is, het alle voorgeskrewe verkrygingsprosedures gevolg en die tender is uiteindelik aan Paradigm, 'n diensverskaffer in die Verenigde State, toegeken. Paradigm voorsien sowel papier- as digitale diplomas en sertifikate aan meer as 800 instellings wêreldwyd. Die US is hulle eerste kliënt op die Afrikavasteland. Om hulle waardering te toon, het Paradigm met American Forest saamgewerk om in die US se naam 'n inheemse Noord-Amerikaanse denneboom (die "jack pine", of *Pinus banksiana*) in die nasionale woud Hiawatha te laat plant.

Die e-sertifikaat word **deur die US gewaarmerk, nie deur Paradigm nie**. Dit bied verskeie sekuriteitslae om teen sertifikaatbedrog te waak, en kan op 'n aantal toestelle afgelaai word vir indiening by werkgewers en werwingsagentskappe.

4.5 Kritiese denke oor ERTLA

Die Afdeling Leer- en Onderrigverryking het die e-boek [*Responding to the necessity for change: Higher education voices from the South during the COVID-19 crisis*](#) aan die einde van 2020 by die Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-)konferensie bekend gestel. Die oopbronpublikasie (**sien foto langsaan**) is deur personeellede van die sentrums vir Leertegnologieë sowel as Onderrig en Leer saamgestel.

Die boek bevat kritiese oordenkings van professionele akademiese steundienste- (PASD-) en onderrigpersoneel se ervaring van ERTLA in die eerste semester van 2020 ná die uitbreking van COVID-19.



4.6 Kortkursus oor die Akademieskap van Onderwysleierskap

Verlede jaar se deelnemers aan die kortkursus oor die Akademieskap van Onderwysleierskap het op 19 en 20 November by 'n twee dae lange aanlyn skryfmarathon ingeskakel en 'n week later hulle navorsingsvoorstelle by 'n vieringsgeleentheid op Microsoft Teams aangebied. Die tien deelnemers het die kursus voltooi en hulle sertifikate op 3 Desember ontvang. Hulle is prof Maret du Toit (AgriWetenskappe), prof Ada Jansen (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe), dr Michelle Nel (Krygskunde), prof Karin Baatjes (Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe), dr Lorna Dreyer (Opvoedkunde), prof Trevor Haas (Ingenieurswese), drs Sonja Strydom en Kabelo Sebolai (albei van die Afdeling Leer- en Onderrigverryking), prof Faadiel Essop (Natuurwetenskappe) en prof Mary-Anne Plaatjies van Huffel (Teologie, postuum toegeken).

4.7 Nuwe programme

Die US het in 2020 akkreditasie vir nege nuwe programme ontvang. Dít sluit in die programme **MSc in Masjienleer en Kunsmatige Intelligensie**, en **Baccalaureus in Datawetenskap**, wat gesamentlik deur die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe sowel as Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied sal word.

4.8 TAU-genootskappe vir 2021/22

Die genootskapsprogram TAU ("Teaching Advancement at University") is 'n landwye intervensie om onderrigehalte en die professionalisering van onderrig en leer in die openbare hoër onderwys te bevorder. Dit behels die beroepsontwikkeling van 'n kohort akademiese personeellede op middel- tot senior vlak uit verskeie vakrigtings aan alle Suid-Afrikaanse openbare universiteite deur middel van 'n gekombineerde residensiële en afstandslernbenadering.

Drie US-dosente is vir die program van 2021/22 gekies. Hulle is prof Faadiel Essop (Fisiologiese Wetenskappe), prof Ashraf Kagee (Sielkunde) en dr Marianne McKay (Wingerd- en Wynkunde).

4.9 FINLO

Die Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO) bied dosente 'n geleentheid om te innoveer, die doeltreffendheid van praktyke en prosesse te evalueer, en probleme, oplossings en tendense op die gebied van leer en onderrig te ondersoek. Dit bied ook 'n meganisme vir die verspreiding van navorsingsresultate wat bedoel is om die gehalte van leer en onderrig te verbeter.

Altesaam 21 aansoeke is in die November-finansieringsronde met net meer as **R720 000** ondersteun. Die FINLO-skrifgeleentheid moes in die lig van die pandemie aanlyn aangebied word en vier voornemende FINLO-aanzoekers het ingeskakel vir leiding om hulle finansieringsvoorstelle te skryf.

4.10 Kortkursus oor assessering met COVID-19 as agtergrond

'n Kortkursus oor assessering is in 2020 vir dosente ontwikkel en goedgekeur. Dit sal vroeg in 2021 op die proef gestel en in die lig van COVID-19 gekontekstualiseer word. Fakulteite is genooi om twee deelnemers te benoem om by die proefkursus aan te sluit. 'n SUNOnline-module sal deelnemers in staat stel om aan 'n oordenkingsproses deel te neem en legerigte assesseringstrategieë te ontwerp. Deelnemers sal oor die voordele en uitdagings van 'n aantal assesseringsmetodes, waaronder aanlyn leer, nadink. Dit is noodsaaklik in die konteks van **ARTLA**. Die kursus volg 'n gemengde benadering deur sinchrone en asinchrone leer via SUNOnline te kombineer, en is buigsam om by die **veranderende onderrigscenario van 2021** aan te pas.

4.11 Podsendings vir leer en onderrig

Weens probleme met bandbreedte gedurende die pandemie was dit nie haalbaar om in 2020 grootskaalse intydse tolking aan studente te voorsien nie. Die Taalsentrum se Tolkdienste het dosente en studente nietemin steeds bygestaan deur oudiovertalings (podsendings) van lesingmateriaal – hetsy PowerPoint-aanbiedings of SUNLearn-inhoud – in Afrikaans en Engels (sowel as Xhosa, waar daar 'n pedagogiese behoefte was) te vervaardig. **Meer as 1 250 podsendingvertalings** het sedert die begin van die inperkingsperiode die lig gesien. Hierdie dataligte podsendings het 'n kernrol vervul in noodafstandsonderrig, -leer en -assessering (“ERTLA”), deels as 'n beleidsbestuursoplossing, maar ook as 'n waardevolle pedagogiese hulpbron vir aanlyn leer.

Namate die US in 2021 na ARTLA beweeg, sal lesingopnames steeds 'n belangrike deel van studente se gedifferensieerde leerervaring uitmaak. Gehalteversekering sal dus selfs belangriker wees en daarom is die gesamentlike gehaltebeheer van vertaalde podsendings uitgebrei om meer dosente en vakgebiede in te sluit.

4.12 Aanlyn taalsteun vir ERTLA

Taalsteundienste soos skryfkonsultasies, nagraadse skryfwerksessies en akademiese taalvaardigheidskursusse het selfs belangriker geword gedurende ERTLA, want studente moes meer skryfopdragte as voorheen voltooi.

Dit is grotendeels moontlik gemaak danksy **finansiering** van die **Michael & Susan Dell-stigting** en die **Oppenheimer-trust**. Hulle finansiering is ook gebruik om die vervaardiging van Skryflaboratorium-video's, dataligte nagraadse skryfvaardigheidsvideo's en die aanlyn voorassesseringsplasingstoets vir die Intensive English-kursus te ondersteun. Daarbeyond is akademiese vaardigheidsvideo's vervaardig om in van die Engelse taalbehoefte van voorgraadse studente te voorsien, waaronder aspekte van akademiese skryfwerk en hoe om opsteltipe eksamen vrae te benader.

4.13 Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici

PRONTAK, of Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici, is die US se jaarlikse kortkursus vir **pas aangestelde akademici**. Weens die pandemie het alle kursussessies in 2020 aanlyn geskied.

Die deelnemers aan PRONTAK 2020 het hulle kursusaktiwiteite met 'n aanlyn plakkaataanbieding by die jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-)konferensie afgesluit. Altesaam 63 deelnemers het PRONTAK voltooi, en het op 3 Desember 2020 by 'n aanlyn onderrig-en-leer-viering erkenning ontvang. PRONTAK 2021 begin in Maart. Dit sal in 'n **gemengde** vorm aangebied word deur aanlyn deelname te kombineer met persoonlike kontak, waar dit moontlik is.

4.14 Leer-en-Onderrigverrykingseminaar

Prof Arnold Schoonwinkel het kort voor sy uittrede die seminaar “Besinning oor twee termyne as Viserektor: Leer en Onderrig” aangebied. By die geleentheid op 26 November 2020 het

prof Schoonwinkel teruggekyk op die suksesse, uitdagings en geleenthede in die portefeulje Leer- en Onderrigverryking, wat in 2013 geskep is. Die verantwoordelikhedsentrum het gedurende sy ampstermyn onder meer op die #FeesMustFall-beweging, oproepe om 'n gedekoloniseerde kurrikulum sowel as die huidige COVID-19-pandemie gereageer. Prof Schoonwinkel het ook verskeie institusionele projekte gefasiliteer, waaronder dié vir programvernuwing en hibridiese leer, wat met die US se *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* strook.

4.15 Ervaringgerigte opvoeding kry hupstoot by SUEEC

By die slotsessie van die US Konferensie oor Ervaringgerigte Opvoeding ([SUEEC](#)), wat op 10 en 11 November 2020 aangebied is, is twee beduidende voorstelle gedoen, wat albei sterk aansluit by die US se kern strategiese tema 4, “Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer”.

Die eerste was 'n vennootskapsaanbod deur die Instituut vir Ervaringsleer (IFEL), 'n wêreldwye diensorganisasie wat hom daarop toelê om individue, spanne en organisasies te bemagtig om hulle volle potensiaal deur ervaringsleer te verwesenlik. Die tweede voorstel was vir die stigting van 'n ervaringsleerpraktikgemeenskap met die klem op Afrika.

Belanghebbendes het nie op hulle laat wag om die Afrika-praktikgemeenskap tot stand te bring nie. Die groep het op 10 Desember 'n afskopvergadering gehad en die amptelike stigtingsvergadering geskied in Maart 2021.

4.16 Africa Centre for Scholarship

Die US se Africa Centre for Scholarship (ACS) en die Universiteit van Durham se Sentrum vir Navorsingsmetodes het op 9 Desember 2020 as medegashere opgetree vir 'n seminar oor die **dekolonisering van navorsingspraktyke**. Dit het deel uitgemaak van Durham se groter werksessiereeks oor dié onderwerp, sowel as voortgesette samewerking tussen die twee gashere. Die sprekers was die US se dr Berna Gerber (Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) en prof Anton van Niekerk (Filosofie) sowel as twee akademici van Durham. Die aanlyn geleentheid was oop vir alle studente en personeel van sowel die US as Durham, en meer as 100 deelnemers het ingeskakel.

As deel van sy **inisiatief vir ontluikende akademici**, het die ACS boonop meer as 50 personeellede en doktrale studente ondersteun om in 2020 en 2021 aan die aanlyn Afrika- doktrale skole deel te neem. Dié geleenthede het die gesamentlike skole vervang wat in 2020 van aangesig tot aangesig by die Universiteit van Lagos (Rwanda) en Strathmore-universiteit (Kenia) sou plaasvind. Die ACS werk tans saam met hierdie twee instellings om in die eerste helfte van 2021 aanlyn skole oor navorsingsontwikkeling aan te bied vir meer as 200 doktrale studente en personeellede wat hulle navorsingstande slyp. Hierdie inisiatief maak deel uit van die groter projek vir gesamentlike doktrale skole waarvoor die US met 12 instellings in nege Afrikalande saamwerk.

4.17 Senaat keur beperkte afwyking van taalimplementeringsplanne goed

